


AFRIKAANSE TAALATLAS

Tweede Reeks

Aflewering 19 en 20



deur
S.A. LOUW
met die medewerking van
L.C. EKSTEEN

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1979



DIE AFRIKAANSE TAALATLAS
WORD SAAMGESTEL EN GEDRUK
MET DIE STEUN VAN DIE
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.



INHOUD

WES-AFRIKAANS EN NOORDOOS-AFRIKAANS	1
---	---

KOMMENTAAR EN VRAELYSANTWOORDE:

Skuifknoop	7
Vadoek en Waslap	13
In plaas van	22
Nuuut	27
Ook	32
Rooi perdeby	37
Duiwelsnuif	41
Dodder	41
Skape	50

KAARTE: Grondkaart

Aflewering 19

91	Skuifknoop
92	Vadoek
93	Waslap
94	In plaas van
95	Nuuut


Aflewering 20

96	Ook
97	Rooi perdeby
98	Duiwelsnuif
99	Dodder
100	Skape

WES-AFRIKAANS EN NOORDOOS- AFRIKAANS

In die inleiding by Deel 4 onder die titel "Na Veertig Jaar" is daar 'n sketskaartjie van van Ginneken oorgedruk (bl. 2) waarin hy die Afrikaanse taallandskap verdeel in "West-Afrikaansch en Noord-oost-Afrikaansch". Benewens enkele opmerkinge hieroor is daar in die artikel nie op hierdie verdeling en die grenslyn ingegaan nie; dit moes oorstaan vir later. Hy het hier wel iets beet gehad, hoewel sy gegewens ontoereikend was; daar is heelwat ruimte om op die onderwerp uit te brei en te verbeter.

Ten eerste moet 'n mens na die topografie kyk. Natuurlike versperrings soos die Kaapse(sand)vlakte en die berge oefen nie maklik invloed uit op die verspreiding van taalverskynsels nie, maar in die vroeë jare aan die Kaap het hierdie faktore tog die uitbreiding van die Kolonie in bepaalde bane gelei. Hoe dit gebeur het en watter spore dit op die taal nagelaat het: daarvoor kan ek verwys na 'n vroeë artikel (Louw 1947) in die *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* wat in die hersiene uitgawe van 1968 ietwat bygewerk is.




Skets 1

So het ek met die honderdste kaart weer uitgekam by die punt waar ek met my eerste artikel begin het. 'n Duideliker weerspieëling in die taal van die uitwaartse beweging van die vroeë koloniste aan die Kaap het ek tot dusver nog nie onder oë gekry nie.

Vergelyk net die skets van die kaart (*'n trop*) *skaap* (skets 2) met die kaartjie wat die rigting aandui wat die uitbreiding van die bewoonde gebied in die Kaapkolonie (skets 1) gevolg het. Volgens die taalkaart is dit duidelik dat die meervoud van *skaap* met en sonder uitgang albei aan die Kaap posgevat het toe die nedersetting nog tot die sgn. kerngebied beperk was. Daar het toe reeds 'n mate van skeiding gekom, sodat die meervoud sonder uitgang oorwegend voorgekom het by diegene wat die gebied algaande in 'n noordelike rigting beset het. 'n Tweede groep het in twee strome ooswaarts beweeg, suid van die Langeberg en tussen hierdie bergreeks en die Swartberg. Hierdie groep het oorwegend die meervoud *skaap* geken en gebruik. Die lyn wat hierdie twee meervoudsvorme skei, loop tot vandag toe nog al met die Swartberg langs tot in die kerngebied. Soos die pyltjies op sketskaart 1 aandui, het die noordwaartse stroom later ook in 'n ooswaartse rigting getrek, noord van

die Swartberg, waar die meervoud sonder uitgang vandag nog algemeen gebruik word, net soos in die Noordweste. Die verboë meervoudsvorm het blykbaar oor hierdie laaste gebied gespring en eers in die Vrystaat en Transvaal weer posgevat — seker wel met die Voortrekkers saam.




Skets 2

Dit is bekend dat daar verskille bestaan in die taal aan weerskante van die Langeberg. Of hierdie verskille ook verband hou met die tweestroom-beweging ooswaarts, is 'n vraag wat nog op 'n antwoord wag; hierdie kaart kan dit egter nie beantwoord nie: die meervoud van skaap lewer maar twee variante op. 'n Mens sal kaarte met meer variante noukeurig moet bekyk hiervoor.

Teen hierdie tyd moet dit haas duidelik wees waarin van Ginneken se kaartjie te kort skiet. Hy baseer dit weliswaar tog op taalkundige informasie, maar net vir sover dit die Boland betref. Verder trek hy die lyn maar lukraak in 'n noordoostelike rigting, sonder om, by gebrek aan taalkundige gegewens, minstens met die topografie rekening te hou of met historiese feite.

Die taalkundige gegewens waaroor hy beskik het, bring hom ook nie ver nie. Vergelyk dit met 'n sketskaartjie wat ek in 'n baie vroeë stadium van my ondersoek gemaak het (skets 3). Al getuig hierdie kaartjie miskien van gebrek aan oefening om taalkaarte te "lees", dui dit ten minste daarop dat by hierdie probleem heelwat gegewens te pas kom. (Louw 1941 bl. 23).

As 'n mens grenslyne wil vergelyk, is dit seker raadsaam om gevalle bymekaar te groepeer wat histories vergelykbaar is. Dit lê dan voor die hand om te begin met voorbeelde wat ver terug gaan in die geskie-




SKETSKAART Nr. 3

Die westelike taalvorm staan eerste.

- oostelike grens v. "met... saam" (loop met die pad saam).
- - - - - meul — meule
- oooooooo môre — more
- - - heuning — hunning
- + + + + nôi — nooi (geliefde)
- = = = = dip — diep

denis, waarvan die verskillende variante tot die oorspronklike kerngebied teruggespoor kan word. 'n Aantal dergelike gevalle is al van nader bekyk, bv. *nastergal*, *perske*, *môre*, *tru* en *skape* (meervoud).

Die sketskaarte vir die gevalle kan met mekaar vergelyk word. Vir die gemak het ek hier (skets 4) 'n aantal grenslyne op een sketskaart nagetrek. Daaruit blyk duidelik die invloed van die Swartberg op die taalvorming. In die weste sprei die grenslyne waaiervormig uitmekaar tot hulle al langs die Swartberg saambondel en eers anderkant Oudtshoorn/Prins Albert weer uitsprei, meestal in 'n noordelike rigting, maar soms selfs na die suidooste toe.



Daar is natuurlik ook kaarte met heeltewel 'n ander patroon; gevalle wat nie juis vorm aangeneem het tydens die uitbreiding van die bewoonde gebied nie. Baie daarvan het veel later ontstaan en het deur ander faktore aan die taalkaart sy patroon gegee. Hulle kom dan ook wel nie te pas by van Ginneken se verdeling tussen Wes-Afrikaans en Noordoos-Afrikaans nie. Hulle werp ook wel lig op die ontwikkeling van Afrikaans, deur faktore aan te wys wat daarby 'n rol gespeel het. Wanneer 'n mens egter wil nagaan wat gedurende die heel eerste jare gebeur het toe die taal sy ewewig moes herwin na die versteuring daarvan tydens die skommelings van die oorplasing na die Kaap toe, dan moet jy veral let op gevalle soos dié wat hierbo bekyk is. Daarvoor kan ek veral verwys na die kommentaar by kaart no. 100, waar dit blyk dat Kloeke in my benadering van destyds 'n sleutel gesien het vir die oplossing van die probleme wat die geskiedenis van Afrikaans oplewer. Juis toe ek nou besig was om daardie benadering noukeurig uit te werk met behulp van die gegewens wat intussen ingesamel is, het ek sy opmerking — met blydschap — weer onder oë gekry. Hierdie gegewens klaar vir my egter veel meer op as wat ek destyds kon voorsien.

Weliswaar het ek jare lank al daarmee volgehou dat wat oor die ontstaan van Afrikaans gesê word meestal hipoteties sal bly tot tyd en wyl 'n taalAtlas die bewyse vir 'n verklaring sou bring. Al die jare het ons taalhistorici — soos ook Kloeke — gesoek na die herkoms van Afrikaans, na die punte van kontak met ouer Nederlands en heden-daagse dialekte. Dit was nodig en goed, maar hierdie gegewens vertel nog nie die volle verhaal nie. *Herkomst en Groei van het Afrikaans* noem Kloeke sy bekende boek. Die *Groei* moet 'n mens dan breed opvat om die lotgevalle in te sluit van al die elemente wat by die herkoms betrokke is. Sommige elemente het in die proses van vorming en groei verdwyn, of minstens op die agtergrond geraak, maar nie sonder om 'n (belangrike) rol in die proses te speel nie. Soms kan slegs 'n taalkaart nog hiervan getuie is lewer of minstens laat vermoed wat gebeur het.

Die vormleer is so vinnig en volkome tot 'n nuwe sisteem omgeskep dat ons byna geen reste oor het nie; daar is haas geen spore in die taal nagelaat waarop ons kan terug loop tot by die oorsprong (herkoms) nie. Byna, want hier en daar kan ons tog nog iets opspoor, soos die onverboë meervoud van *skaap* en *bees* wat dialekties behoue gebly en selfs 'n analogiegroep gevorm het.

Maar ryker is die oes op ander gebiede as die vormleer, gevalle wat nie so sterk of glad nie onderhewig was aan die druk van 'n sisteem nie: die klankleer en veral die woordeskat.

In dergelike gevalle het die vormingsproses stadiger verloop sodat die elemente wat by die vorming betrokke was of wat in die proses tot stand gekom het, in die algemene taal of dialekties behoue gebly het. Dis hulle wat ons op die taalkaart opvang, bekyk en orden om die verloop van die proses te probeer rekonstrueer. Daaruit kom dan die faktore aan die lig wat die verloop en die uitkoms bepaal.

So het dit hoër op in die artikel geblyk aan die hand van skets 4 watter rol die topografie gespeel het by die verspreiding van taalverskynsels. In Deel 4 van hierdie reeks het ek op bl. 3 reeds gewys op 'n faktor wat sterk op die voorgrond tree, nl. die inwerking van variante of sinonieme op mekaar. Dit was onvermydelik omdat die eerste koloniste uit verskillende dialekgebiede afkomstig was en dus 'n groot aantal wisselvorme met hulle saambring het. Wesenlik kom dit op dieselfde neer as wat ek vroeër onder dialekvermenging nagegaan het. Verskeie variante van *perske* kan so verklaar word, bv. *perskie*, *persie*, *ferskie*, om maar 'n voorbeeld te noem. *Pleks* is stellig ook so 'n geval. In die *Afrikaanse Etimologieë* word die moontlikheid genoem dat dit met Nederlands dialekties *plets* in verband gebring kan word. Nêrens het ek hierdie vorm ooit hier te lande teengekom nie en ook nie *pleks* in enige Nederlandse dialek

nie. Daarinteen lees 'n mens op die Afrikaanse taalkaart wel *in plek van naas in plaas van*, wat daarvoor pleit dat *pleks van* hieruit sal ontstaan het. Nogtans is dit glad nie uitgesluit dat *in plets van* hierby 'n rol gespeel het nie, soos die WNT (XII, 2618) dit uit Brèdero aanhaal. Hoofsaak is egter dat die *k* van *pleks* nie anders as uit *plek* verklaar kan word nie, wat tegelyk ook die *e* kan verklaar. Voorlopig neem ek dus aan dat *pleks* hier ontstaan het. Indien *plets* vroeër aan die Kaap voorgekom het as wisselvorm van *plaats* (wat ek nie weet nie) dan sou dit 'n maklike verklaring kon bied vir *ples* (net soos *plaas* uit *plaats*). Ek vra my af of *ples* nie dalk die (verlore) skakel is nie, die vermoemde vorm waarin *plets* aan die Kaap tot vandag toe nog voortlewe. Dit is wel nie ondenkbaar dat die *k* net soos die *t* voor *s* uitgestoot kan word nie. Ek kon egter nie aan ander voorbeelde dink nie. *Buks/bus* soos in *windbuks* teenoor *donderbus* en *waks/was* in *schoenwaks* eenoor *byewas* is teenoorgestelde gevalle: die *k* is daar ingevoeg — onder invloed van Duits.

Hierbo het ek "voorlopig" aangeneem dat *pleks* hier, d.w.s. in Suid-Afrika ontstaan het. Die *Afrikaanse Etimologieë* kan hieroor nie uitsluitel gee nie. Daarvoor moet 'n mens kyk na die aanleidende oorsaak vir die ontstaan van hierdie nuwe woord. In die kommentaar by die kaart vir *In plaas van* word verduidelik hoe die woord *plaas* in Afrikaans 'n nuwe gebruik gekry het as gevolg van die leefwyse van die Boerevolk. Dit het 'n leemte gelaat, wat deur die bestaande woord *plek* gevul is. In die Nederlande het daar nie so 'n nuwe lewenswyse ontstaan nie en dus ook nie 'n leemte in die taal nie. *In plaats van* was steeds voldoende en die ekwivalent *in plek van* enigsins oorbodig en besig om in onbruik te raak, soos dit my wil voorkom. Die reeds genoemde *in plets van* was bloot 'n dialektiese byvorm. In Afrikaans moes *plek* nou die nuwe leemte vul wat deur *plaas* gelaat is. In die woordgroep *in plaas van* was *plaas* enigsins in 'n verskanste posisie, waar hy nog gedeeltelik kon stand hou. Tog het *plek* ook daar ingedring en in die proses die *s* van *plaas* aangeneem: dus *pleks*. Hieruit is dit duidelik dat *pleks* nie in Nederland nie maar aan die Kaap ontstaan het.

Dit is onvermydelik dat by hierdie uiteensetting ek die proses toe *plaats* deur *plek(s)* vervang is, alte berekend voorstel asof dit bewustelik so gereël is deur die sprekers. In werklikheid het dit natuurlik onbewus en onopgemerk gebeur.

Hierdie geval illustreer — soos baie ander — wat in die proses aan die gang was toe Afrikaans noodwendig sy eie koers moes kies. In elke nuwe behoefte is daar gou voorsien. En meestal nie deur ontlenings nie: so werk die taal nie. Die boustene vir die nuwe taal kom nagenoeg almal uit Nederlands. Maar om aan die nuwe eise te voldoen, om by die nuwe struktuur in te pas, moes daar in die daaglikse gebruik flink aanpassings gemaak word. Wanneer 'n taalstruktuur in 'n toestand van betreklike rus verkeer, kan die ewewig lank behoue bly sonder opvallende verskuiwings en aanpassings. Maar sodra die ewewig versteur word, volg daar vinnig 'n proses van herrangskikking, van skaaf en skuur totdat die ewewig herstel is in 'n nuwe orde (sisteem). Die geval *pleks* kan as steekproef dien om die verloop van die proses bloot te lê. Daarom is dit hier so van nader bekyk.

Soos *plaats/plaas* in die proses 'n verenging van betekenis ondergaan het, so kan 'n woord in die nuwe omgewing sy betekenis verloor, met skouspelagtige gevolge. So met *vaat* in *vadoek*, met *paap* en *kule* in *papkuil*. Hierdie kaarte waarvan ons die variante of sinonieme tot in die kerngebied kan terugspoor, dikwels tot in Nederlands, is uniek in dié sin dat hulle die materiaal verskaf wat die proses van ontwikkeling kan blootlê tot by die wording van 'n nuwe taal, in die kerngebied (skets 1), dikwels met 'n grenslyn wat tot êrens in daardie gebied skeiding maak tussen die sogenaamde Wes-Afrikaans en Noordoos-Afrikaans.

Hierdie paar grepe uit veertig jaar se gewerskaf het ek begin met 'n verwysing na Kloeke. Mitzka het in dieselfde gees gesê, as ek goed onthou: "Der Sprachatlas hat als Quelle zu dienen, als Forschungsinstrument".

Daarteenoor het S.P.E. Boshoff telkens by my daarop aangedring om by elke kaart 'n kort kommentaar te voeg; dit sou help om die Taalatlas te laat ingang vind. So 'n oorweging, en om dié rede was sekerlik nóg vir Kloeke nóg vir Mitzka ooit nodig. Hoe moeilik dit daarteen was om hier te lande so 'n onderneming, selfs van heel beskeie omvang aan die gang te kry en te hou, dit het Boshoff maar alte goed geweet. Eers na my aftrede kon ek aan sy wens voldoen, toe hy dit ongelukkig nie meer kon belewe en beoordeel nie.

Net so dink ek aan menige getroue medewerker wat my jare lank met raad en daad bygestaan het: teveel name om hier op te noem. Menigeen het uit rype ervaring en wye kennis van Afrikaans steeds onvermoeid gevraagde en ongevraagde gegewens meegedeel. Baie daarvan kon in die kaarte opgeneem en in die kommentare bespreek word. Ek ondervind dit as 'n groot leemte dat hierdie korrespondensie die afgelope jare nie meer behoorlik onderhou kon word nie.


Verwysings

Louw, S.A. 1941: *Taalgeografie*. J.L. van Schaik, Pretoria.

Louw, S.A. 1947: *Die Ekspansie van Afrikaans*. In: Van den Heever en Pienaar (Red.) *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* II. Nas. Pers.

91 SKUIFKNOOP

Vraelys 6 (1960) Vraag 3(b):



Is daar vir hierdie tweede soort knoop ook 'n naam bekend?

Herhaalde kere moes ek die kwessie van kaarte met of sonder patroon aanroer; dit was onvermydelik. Hier is nou weer 'n kaart, so bont soos kan kom, en tog nie sonder betekenis nie. Meer as vyftig sinonieme en variante lê rond en bont versprei oor die kaart, tussen die *skuifknoop* deur, wat van die suide tot die noorde sowat eweredig versprei voorkom.

Dit is dus eerder die wisselvorme self wat aan die kaart betekenis verleen as die verspreiding daarvan. Die verspreiding is egter wel van betekenis, anders sou 'n mens die gegewens net sowel in 'n woordeboek kon bespreek as in 'n taalatlas. Al kan 'n mens 'n bepaalde vorm nie bra afbaken nie, kan sy verspreiding soms tog van betekenis wees. 'n Benaming wat voor die hand lê, wat so selfverklarend is dat hy op verskillende plekke onafhanklik kon ontstaan het, leen hom nie bra tot gevolgtrekkings op grond van sy verspreiding nie. Sulke gevalle is *platknoop*, *vislynknoop*, *lasknoop* en miskien nog meer van die sinonieme. Met *voorslagknoop* en variante kan dit in 'n mate ook die geval wees, hoewel die voorkoms daarvan kan afhang van die streke waar die sweep vroeër volop gebruik is. 'n Dergelike geval is *draadknoop* en variante. 'n Geval soos *seemansknoop* en variante kan miskien ook onder hierdie kategorie val, maar dan om ander redes: dit kan op verskillende plekke in gebruik gekom het onder invloed van die Engelse *sailors knot*.

Maar dan is daar die gevalle soos *boerknoop*, *hoerknoop* en variante wat veel meer op tradisie moet berus. Dan kan 'n mens van die verspreiding afleidings maak oor die geskiedenis van dergelike gevalle, ook al kan hulle nie in 'n bepaalde gebied afgebaken word nie.

Vir die vier gevalle: *boerknoop*, *hoerknoop*, *hoërknoop* en *woerknoop* is dieselfde kleur gekies omdat ek gereken het om daarmee te moet rekening hou dat hulle bymekaar hoort. Indien dit die geval is, sal *hoerknoop* die oorspronklike moet wees, met die ander drie as eufemistiese vervorminge daarvan. *Hoërknoop* en *woerknoop* is dit seker wel, en van *boerknoop* sou 'n mens dit ook kon aanneem as dit nie was dat dit 'n ou woord is wat moontlik uit Nederlands geërf is nie.

Net soos van *hoërknoop* kan ek van *woerknoop* geen verklaring gee nie, anders as dat dit eufemistiese vervorminge moet wees. Op die kaart lyk dit ook of hulle bymekaar hoort. Die laaste opmerking geld eintlik ook van *boerknoop*. Maar wat die raaisel ingewikkeld maak, is dat *hoerknoop* eintlik 'n verdwaalde woord is in hierdie betekenis. Volgens die WAT is die *hoerknoop* 'n ander knoop, nl. 'n slegte knoop, wat maklik los gaan. Dat die oorsprong van die woord hierin gesoek moet word, is op die oog af onoortuigend. 'n Knoop wat los gaan, is nie sleg in hierdie sin nie; eerder in die sin van dom, onhandig. (Die gebrekkige logika gaan nog verder: *hoerknoop* word

ook in die teenoorgestelde betekenis gebruik, nl. vir 'n knoop wat nie maklik ontbind kan word nie — WAT). Daarom oortuig *oumeideknoop*, *oumaskknoop*, *oumensknoop* eerder wel. Maar almal is nie van toepassing op hierdie bepaalde knoop nie: as hy goed vasgetrek het, gaan hy juis nie los nie. Daarvan getuig *vislynknoop*, *voorslagknoop*, *trekknoop*, *draadtreklas* en *boerknoop*. Miskien kom die medewerker van EO 3 nader aan die waarheid. Hy noem dit 'n *platknoop*, maar voeg daaraan toe: "in teenstelling met 'n *hoerknoop* waar die punte nie deur dieselfde lus teruggaan nie". Dit lyk na boerehumor. Daarmee is die woord dan op 'n ander knoop van toepassing. Dit sal natuurlik glad nie snaaks wees as name en knope meermale verwissel nie.

Nou nog iets oor die *boerknoop*, wat weliswaar net op drie plekke opgeteken is maar tog 'n taamlik algemeen bekende woord is en in gebiede wat so ver uitmekaar uit lê dat die verspreiding op 'n lang geskiedenis dui. Dit is immers nie 'n woord wat in hierdie betekenis so voor die hand lê dat dit in die verskillende gebiede onafhanklik sou ontstaan nie. Dat die woord bowendien in Nederlands voorkom, maak die verband baie waarskynlik. Van *hoerknoop* geld trouens dieselfde argumente en selfs nog meer, aangesien die woord oor 'n veel wyer gebied opgeteken is. Dit moet dus ook 'n ou woord wees, maar ek kon dit nie in Nederlandse dialekte opspoor nie — wat egter nie veel sê nie: die name van knope word selde gebruik en selde of ooit geskrywe. Die verspreiding van die woord: Wes-, Suid- en Ooskaap tot in Suidwes- en Wes-Transvaal, dui op 'n geskiedenis so oud soos Afrikaans self. Waarskynlik kom die woord self veel meer voor as wat die kaart laat vermoed, maar dan as benaming vir 'n ander knoop as waarna hier uitdruklik gevra word. Of die storie van die medewerker hierbo genoem, om die woord *hoerknoop* te verklaar, ook so oud kan wees, lyk my twyfelagtig. Miskien is die uitleg maar agterna uitgedink, net soos die teenstrydige verklarings van die WAT.

As met *hoerknoop* 'n knoop bedoel word wat maklik los gaan, soos in die WAT verduidelik word en dus sinoniem is met *honde-meide-*, *oumeide-*, *ou vrou-* en *ou vrouensknoop* dan kan dit oorspronklik dieselfde beteken het as *boerknoop*. Want in hulle *Woordenboek van die volkstaal van Katwijk aan Zee sê Ouerdiep en Varkevisser*: "Boereknoop — verkeerde knoop, die gauw los gaat". En onder *baarsch* gee die WNT (II, 835) " — *Baarsche knoop, boerenknoop* zoals door baren, onervarenen, gelegd". En onder *Hielingsteek* (WNT VI, 731) Zekere knoop om kabels of trossen tijdelijk te verbinden; oudewijvenknoop, baarsche knoop".

Hierdie ongunstige bybetekenis sou vir die woord *boerknoop* in Afrikaans op die duur natuurlik nie deug nie. Dit is op see waar allerhande knope gedurig te pas kom, veral op die outydse seilskepe. Daarom praat ons ook nog van *maswerk* (ATA 22). Soos die weer omspring, moet daar vinnig en rats gewerk word met die maak en losmaak van knope. Dáár sal 'n boer bepaald lomp en onhandig voorkom, net soos 'n ou vrou en ander "baar" elemente. Maar eenmaal weer op vaste grond, het alles gou verander. Samestellings met *boer* het in Afrikaans geen ongunstige bybetekenis nie. Daarom het die benaming *boerknoop* noodwendig oorgegaan op 'n ander, stewiger knoop "wat nie maklik losgly nie" (WAT). Maar oorspronklik was hy een van die skeldwoorde in die taal van haastige en selfs paniekerige matrose wat sukkel met knope wat ontydig losgly of wat nie gou genoeg wil loskom nie. By al die skeldwoorde wat hier te pas gekom het, sal *hoerknoop* bes moontlik nie ontbreek het nie, al is dit nie opgeteken nie. Die verspreiding van die woord op die kaart dwing 'n mens om die oorsprong ver in die verlede te soek, en daarby ook nog in die geselskap van *boerknoop*. So gesien, was dit tog goed om vir hierdie groep een kleur te kies.

Wat my daaraan laat dink het om die oorsprong van hierdie woorde in die seemanstaal te soek, is die opmerking *skeepsterm* wat 'n mens telkens in die WNT vind onder knoopname. Daarom het *seemansknoop*

en *matroosknoop* ook 'n aparte kleur gekry. Hoër op het ek wel die moontlikheid geopper dat hierdie woorde onder Engelse invloed in Afrikaans sou posgevat het. By nadere beskouing weerspreek die kaart hierdie gedagte. Bowendien is *seeman* in Afrikaans nie die normale ekwivalent van "sailor" nie; dis geen volkswoord nie. Onder Engelse invloed sou 'n mens eerder *matroosknoop* kon verwag, wat inderdaad ook op enkele plekke opgeteken is, en op een plek selfs saam met *sailors knot*. (sou *seilknoop* 'n "verafrikaansing" wees van die Engelse woord — KR 83) ? Waarskynlik het dit wel met die woord *seil* te doen (bv. van die outydse seilskepe). Dit lyk my goed moontlik dat die enkele geval waar die Engelse woord opgeteken is, maar net 'n geval van slordige taalgebruik is. Die feit dat *seemansknoop* oor die hele gebied veel algemener voorkom as *matroosknoop* dui daarop dat eersgenoemde die oudste moet wees, veral ook aangesien *seeman* geen volkswoord is nie. Miskien het *matroosknoop* daaruit ontstaan.

Wat die kaartbeeld betref, val die ooreenkoms dadelik op met die kaart vir 'n ander knoop, nl. die *maswerk* — 'n woord wat ook uit die seemanstaal stam (kaart 22). Hier is van Engelse invloed geen sprake nie, en die woord wat nog so duidelik sy herkoms uit die seevaart verraai, is ook kenmerkend van Wes- en Suidwes-Kaapland. *Maswerk* is as knoop veel beter op sy naam bekend as *skuifknoop* en daarom is die kaartbeeld ook veel digter en duideliker. Dit is egter duidelik dat die name vir die skuifknoop wat aan die seevaart herinner ook primêr in Wes- en Suidwes-Kaap voorkom. Oor die res van die land is daardie woorde meer sporadies opgeteken, en ontbreek totaal in Suid- en Suidoos-Kaapland, waar 'n mens juis die Engelse invloed duidelik weerspieël sou sien — as daar so iets was. (vgl. *kollekteer*, ATA 6).

Alles dui m.i. daarop dat *seemansknoop* (en moontlik ook *matroosknoop*) 'n ou woord is in Afrikaans en histories nog verband hou met die seevaart.

Knoopname het 'n lae frekwensie in Afrikaans, met uitsondering waarskynlik van die *maswerkknoop*. Daarom is die benaminge enigszins onvas. Elkeen weet wat 'n *maswerk* is, maar origens is 'n knoop maar 'n *knoop*, hoe jy hom ook maak; so getuig die kaart ook op verskeie plekke. As dit dan in die praktyk nodig word om 'n bepaalde knoop te benoem, is die spreker dikwels op eie vindingrykheid aangewese. Vandaar die groot aantal sinonieme, soos in die geval van die *skuifknoop*. *Skuifknoop* is duidelik 'n variant van *skuifknoop*, maar *glyknoop* is 'n nuwe maaksel.

Baie van die benaminge is maar bra willekeurige skeppinge; 'n mens kan dikwels nie die gedagtegang volg wat daartoe aanleiding gegee het nie: *rygknoop*, *vangknoop*, *oogknoop*, *sloopknoop*, *skilpadknoop*, *skenkelknoop*, e.a. Soms kan jy dit vaagweg raai; ander is selfverklarend en tussenin is daar gevalle wat met behulp van variante verklaar kan word. So is *lis*, *lissieknoop* wel te verklaar uit *lus*, *luslas* en *lusknoop* wat net soos *deursteekknoop* daarop berus dat in 'n riempie wat gelas moet word (vir 'n sweep of riempiesmat) die twee punte elkeen van 'n ogie of lus voorsien word: die een punt met *lus* word dan deur die ander *lus* gesteek; dan word die ander punt van die riempie deur die *lus* van die eerste riem gesteek en vasgetrek. Daarom ook *vastrekknop*, *hegknoop*, *lasknoop*, *koppelknoop* en seker ook *lunsknoop*. Die *lunsriem* word wel effens anders geknoop, maar tog ook deur twee *lussies* en baie op dieselfde manier.

By die sweepmakery kom hierdie knoop baie te pas. Die voorslag en agterslag is albei dele van die sweep. Vandaar *sweepknoop*, *voorslagknoop* en *agterslagknoop*. Van die verspreiding van hierdie woorde kan 'n mens moeilik iets aflei: hulle kom — soms weliswaar in groepies — voor, op baie plekke en ver uit mekaar uit. Die groepies dui wel op 'n mate van tradisie, maar die andersins yl en wye verspreiding dui weer daarop dat die woorde wat orals by die sweep te pas kom moontlik op verskillende plekke onafhanklik ontstaan het.

Strikknoop is miskien vervorm uit *strykknop*, wat op sy beurt weer met die sweepmakery te doen kan hê. Voorslagriempies, net soos skoeriempies en ander riempies wat nodig is by die maak van vel-skoene, moet *gestryk* word. En daarvoor moet die riempie aan die een punt baie deeglik vasgeheg word.

Voortrekkerknop sal wel, net soos *noodhulpknop*, 'n nuwe woord wees wat deur die Voortrekkerbeweging in gebruik gekom het.

Draadknop, *draadtreklas* en *trekknop* is selfverklarend, net soos *vislynknop* en *kettingknop*. In 'n noodgeval word *treksettings* geknoop wanneer die haak afgebreek het. Opmerklik dat *draadknop*, wat te pas kom by die oprigting van draadheinings, in die gebied suid van Graaff-Reinet 'n taamlike gebied verower het.

Kruisknopp en *kringknopp* dui op metodes om die knopp te maak, en *platknopp* en *agtknopp* op hoe hy lyk. *Masknopp* en variante dui op die herkoms uit die seemanstaal, net soos *maswerk*, 'n ander knopp, waarvan die variante met *-knopp*, *-slag*, *-werkstrik* duidelike onderskeid maak; net *maswerk* is 'n geval van homonimie.

Wurgknopp en *helknopp* is van dié waar 'n mens net na die herkoms kan raai. *Stropsteek* dui daarop dat die knopp, net soos by die sweep, ook by die maak of gebruik van stroppe te pas kon kom.

Die antwoorde: Vraelys 6 (1960) Vraag 3(b):

BX 3	skuifknopp, platknopp	55	—
CO 2	oumeidknopp	57	lasknopp
CX 1	skuifknopp	58	dubbelslagknopp
CZ 3	—	58	lissieknopp
DP 4	skuifknopp	60	—
	11 —	61	lis
DZ 1	—	62	knoopslag
EO 3	platknopp	66	—
ER 1	skuifknopp	FW 1,	5 —
EV 2.3	—	7	skuifoog
	9 skuifknopp	12	skuifknopp
	11 masknopp	15,	16 —
EW 2	strik	19	voorslagknopp, agterslagknopp
	3 seemansknopp	20	skuifknopp
	12 skuifknopp, kettingknopp, agtknopp	21	agt-knopp
	14- 18 —	23,	25 skuifknopp
	18 skuifknopp	29,	31, 36, 38 —
	21 no. 8 knopp	45	matroosknopp, seemansknopp
	23 seemansknopp	49	skuifknopp
	27 glyknopp	52	—
	29 —	55	skuifknopp
EX 1	skuifknopp	64	voorslagknopp
	5,10 —	FX 4	—
FP 2	skuifknopp	9	skuifknopp, voorslagknopp
	5, 7, 8, —	10	voorslagknopp
FT 3	—	11	—
FU 4,	5 —	15-	29 wurgknopp
	6 hoerknopp	27	—
FV 2,	10 —	29	lusknopp
	12 skuifknopp	26	—
	13 no. 8 knopp	32	skuifknopp
	14 masknopp	37,	30 —
	17 —	GO 1	skuifknopp
	18 seemansknopp	GP 2	skilpadknopp
	23 vislynknopp, woerknopp	3	—
	24 no. 8 knopp	GR 1	oumensknopp, draadtreklas
	25 knopp	GS 5	slagknopp
	26 kettingknopp	13,	—
	28, 30, 31, 33 skuifknopp	GT 14-	24, 18 —
	35, 44 —	GU 2	—
	52 matroosknopp	4	draadknopp

8	—	35	voorslagknoop
11	seemansknoop	HS 5	skuifknoop
14, 20	—	14	slagknoop
32, 33	skuifknoop	18, 19, 28	—
36	lus	31-	35 strykknoop, strikknoop
37, 39, 40, 42, 47	—	HT 6	skuifknoop
48	vangknoop, knoop	HU 7	skuifknoop, skenkelknoop
50	hoerknoop	8	luslas
57	—	16	skuifknoop
GV 1	—	17	sloopknoop
2	skuifknoop, seemansknoop	20, 23	skuifknoop
5	strik	32, 43	—
12	skuifknoop	44	skuifknoop
13	—	46	dubbelslagknoop
18	slagknoop	48	seemansknoop
22	skuiwerknoop	49	voorslagknoop
23, 25, 26	—	HV 2	—
28	skuifknoop, oumasknoop, inhaakknoop(?)	6	skuifknoop
30, 50	—	9	—
34	skuifknoop	12	skuifknoop, lus- of lisknoop
39	voortrekkerknoop	13	skuifknoop
41, 43	skuifknoop	15, 22	—
46	noodhulpknoop, seemansknoop	33	voortrekkerknoop
46	knoopslag	36, 37	skuifknoop
47	trekknoop	38	hegknoop
48	voorslagknoop	39, 48	skuifknoop
53	—	52, 59	—
58	skuifknoop	HW 5	skuifknoop
64	wurgknoop	6	seemansknoop, knoop
68, 70, 72	skuifknoop	7	—
74, 77	—	8	kringknoop
78	skuifknoop	14	kettingknoop
79, 82, 83	—	15	skuifknoop, wurgknoop
GW 1	—	17	oogknoop
3	oogknoop	21	skuifknoop
5	—	22	—
9	lusknoop	23	skuifknoop
20, 21	skuifknoop	25	kettingknoop
26	skuifknoop, matroosknoop	29	knoop
27	—	30	skuifknoop, seemansknoop
28	skuif	32	skuifknoop
30	skuifknoop	HX 12	—
34	—	19	skuifknoop
35	rygknoop	20, 23, 24	—
42	skuifknoop	33	wurgknoop
43	skuifknoop	36, —	—
47	wurgknoop	40	skuifknoop
48a	skuifknoop, dubbelslag	HZ 1	—
52	—	IP 3, 4	—
55	matroosknoop	10	deursteekknoop
56	vastrekknop	IR 23	—
65	gewone knoop	36	vastrekknop
66	skuifknoop	40	matroosknoop, sailors knot
68, 69-70a	wurgknoop	41	—
74	—	45	skuifknoop
78	skuifknoop	IS 9, 30, 38, —	—
GX 1	lasknoop	22	maswerk
9	agterslagknoop, voorslagknoop	IT 7	skuifknoop
11, 20	—	8	voortrekkerknoop
21	skuifknoop	13	skuifknoop, lasknoop
HP 2	skuifknoop	20	skuifknoop
8, 13	—	28	skuifknoop, seemansknoop
16	skuifknoop, lusknoop	IU 3	draadknoop, hoerknoop
19	—	7, 8	—
HR 2	knoop	9	wurgknoop, lasknoop
20- 21, 21, 24	—	11, 12	skuifknoop
29	lasknoop, stropsteek	13	—
31	kettingknoop	19, 22	skuifknoop

	29	kettingknoop		KT	4	skuifknoop
	38-	40 kruisknoop			19	skuifknoop, strikknoop, hoërknoop
	38	—			23	lus
IV	5,	7, 8 skuifknoop			25-	31 heilknoop
	14	rifknoop			36	skuifknoop
	19	—			38a	skuifknoop, masslag
	21	maswerkstrik			41	—
	22	hoerknoop, agtknoop			43	platknoop
	26	—			57	skuifknoop
	27	skuifknoop			59	platknoop
	30	—			61,	52, 63 —
	32	skuifknoop			71	skuifknoop
IW	1	skuifknoop		KU	3	skuifknoop, draadknoop
	9	seemansknoop			23	—
	10	skuifknoop			26	slag of knoop (draad)
	13	dubbelslagknoop			27	—
	15	—			29,	34-35 draadknoop
KP	1	—			40,	41, —
KR	1	lunsknoop			42	draadknoop, (agt)
	3	boerknoop			44,	49 —
	2,	4, 6, 8, 10 —			50	lasknoop (effe anders), knoop
	15	skuifknoop			55,	59, 65 skuifknoop
	19	seemansknoop		KV	15	hoerknoop
	23	skuifknoop			21	skuifknoop
	25	vangknoop, 'n slag			25	—
	26	meideknoop, hoerknoop			26	skuifknoop, wurgknoop
	31	skuifknoop			31	—
	34,	36 skuifknoop			37	skuifknoop, "reef" knoop
	37	—			41	skuif-knoop
	42	seemansknoop			50	dubbelslag
	49	skuifknoop, voorslagknoop		KW	2	—
	50	skuifknoop, vaste knoop, hoerknoop		LR	2	—
	51	skuifknoop, voorslagknoop			7	matroosknoop
	58	strik			10	—
	62	—			13	skuifknoop
	63	voorslagknoop			18	lus
	69	—			22	—
	76	skuifknoop			26	knoop
	77	kettingknoop			27	platknoop
	83	skuifknoop, (seilknoop)		LS	2	—
	90	—			6	matroosknoop
	89	boerknoop			13	sweepknoop
	93	—			14	—
	97	vastrekknoop			15	woerknoop, skuifknoop
	98	—			17	toetrekknop
KS	9	koppelknoop			19,	20, 25 —
	31	skuifknoop			29	voorslagknoop
	33,	35 —			32	kruisknoop
	39	skuifknoop			3 ²	skuifknoop
	54,	56, 58, 61, 62 —		LT	2	—
	63	skuifknoop			4	skuifknoop
	67	vastrekknoop			8,	9, 10, 11 —
	73,	74 —		LU	1	—
	76	draadknoop			2	boereknoop, platknoop
	77,	79 —			4	lasknoop
	80	hoerknoop				

92, 93 VADOEK en WASLAP

Vraelys 2 (1957) Vraag 4:

Hoe word die lap genoem

(a) waarmee die kombuisgereedskap en breekgoed gewas en afgedroë word;

(b) waarmee die kinders se gesig en hande gewas of afgevee word?

Dat hierdie geval so 'n interessante beeld verskaf, is grootliks toe te skrywe aan die lot van die woord *vaat*. Tydens die ontstaan van die woord *vaatdoek* was hierdie woord nog volkome selfverklarend, nl. as 'n doek "om de vaten te wassen" (van Dale). In Afrikaans gebruik ons nog weleens die woord *vaatwerk*, maar hy is glad nie algemeen bekend nie, en *vaat* glad nie. *Vaatdoek* is in Afrikaans lankal nie meer selfverklarend nie vanweë die verdwyning van die woord *vaat* uit ons woordeskat. Daardeur was die oorspronklike woord nou meer aan verandering blootgestel as wat die geval sou gewees het as *vaat* nog sy volle waarde as selfstandige element in die samestelling behou het. Reduksie kon nou maklik posvat; die *t* smelt met die *d* saam en baie gou verdwyn die gedagte aan die element *vaat*.

By sommige sprekers verloop die ontwikkeling egter nie so vlot nie: hulle wil nog betekenis gee aan hierdie eerste element van die samestelling en koppel dit dus aan die naaste bekende woord, nl. die werkwoord *vat*. So maak die spreker homself wys dat die *vatdoek* so genoem word omdat dit 'n doek is om mee te vat; dieselfde dus as die *vatlap*. Wanneer hierdie gedagte aan die etimologie vervaag, assimileer die *t* en *d* ook, maar nou is die vokaal kort en die resultaat *vaddoek*.

So kry ons *vadoek* en *vaddoek* met hulle onderskeie variante: *vaatdoek*, *varoek* en *vatdoek*, *varroek* langs mekaar en deurmekaar oor sowat die hele taalgebied versprei, met *vadoek/varoek* duidelik in die meerderheid.

Dis eintlik vermaaklik om na te gaan waartoe die vervaging en uiteindelijke verdwyning van die betekenis van die element *vaat* in *vadoek* kan lei. Selfs die tweede element *-doek* het al begin wankel: let maar op *varoek* waarin daar van die *-doek* net so min oorgebly het as van *vaat*. Die samestelling het 'n nuwe woord geword, by die gebruik waarvan die spreker hoe langer hoe minder bewus gebly het van die oorspronklike betekenis van die samestellende dele. Let verder op *vardoek*, *veedoek* en *voedoek*. Meestal hou *-doek* darem nog stand, maar kyk nou so 'n geval soos *vadoeklap*: dit dui daarop dat die spreker onbewus is daarvan dat *-lap* 'n herhaling is van die betekenis *-doek*. Net so grappig is gevalle soos *skottelgoedvadoek*. *Skottelgoed* is nl. ons nuwe woord vir die ou (verouderde) *vaatwerk*. Nog dergelike gevalle is *pottevadoek* en *teegoedvadoek*. Die eerste lid van die oorspronklike samestelling — of wat daarvan oor is — het sy waarde verloor, sodat 'n nuwe element vooraan gevoeg kon word. So kon die element *vaat* gereduseer word en in baie gevalle selfs verdwyn: *teegoeddoek*, *skottelgoeddoek*, *afdroëdoek*, *bordedoek*, *koppiesdoek*, *glaasdoek* ens. Net so kan *-doek* vervang word deur *-lap*: *skottelgoedlap*, *teegoedlap*, *vatlap* (waar die oorspronklike *vaat* weer opduik) en die res van die lang lys.


Die groep *teegoeddoek*, *tegedoek*, *teedoek* is duidelik beperk tot die oostelike helfte van die taalgebied. Van die benedeloop van die Breederivier af is dit met 'n kronkelende lyn af te baken tot aan die westelike grens van Transvaal. Ten ooste van hierdie lyn kom dit volop voor, saam met haas al die ander vorme. Dis moeilik om uit te maak watter waarde geheg moet word aan *teegoedvadoek* wat suidwes van

Kakamas opgeteken is: sou dit die oorspronklike vorm wees waaruit die ander drie verkort is, of anders 'n samesmelting van *teegoeddoek* en *vadoek*? Dis maar 'n eensame geval en ver buite die *teegoeddoek*-gebied, sodat 'n mens daarvan geen belangrike afleiding kan maak nie. Die eienaardige verswakking *tegedoek* kom nogal dikwels voor, miskien veel meer as wat die kaart laat vermoed; medewerkers is geneig om die vol vorm op te teken. Hierdie verswakking dui op een van twee teenoorgestelde neigings wat so duidelik op die voorgrond tree by die ontwikkeling van 'n woord: aan die een kant die neiging om betekenis te gee aan 'n woord, en aan die ander kant om die woord so te verkort en vervorm dat die oorspronklik deursigtige betekenis verdwyn. Van die eerste is *vatdoek* reeds genoem, wat verder ontwikkel het tot *vatlap*. Daarby kan nog *veedoek* gevoeg word. 'n Woord met 'n hoë gebruiksfrekwensie is egter so goed bekend dat hy vir sy voortbestaan nie afhanklik is van 'n deursigtige betekenis nie, sodat hy sonder gevaar kan verkort of vervorm word. Vandaar *varoek*, *vardoek*, *voedoek* en *tegedoek* waar die reduksie van die onbetoonde lettergreep 'n normale verskynsel is.

So 'n voorwerp se verskillende en uiteenlopende gebruike kan bowendien ook aanleiding gee daartoe dat daar telkens nuwe name opduik. Vandaar hierdie lang lys sinonieme en variante, waarvan ek net *jammerlap* en *trooster* spesiaal wil noem. Ek kry die indruk dat *jammerlappie* die afgelope jare heelwat veld gewen het. Die kaart bevestig nie die indruk nie, waarskynlik omdat die woord saam met *vadoek* of 'n ander wisselvorm gebruik word, maar in 'n enigszins gespesialiseerde gebruik, meestal nader aan vraag 4(b). (vgl. WAT V, 26).

As 'n mens die gegewens saamvat wat hierdie twee vrae oplewer, dan blyk dit dat *jammerlap* in Wes-Kaapland algemeen bekend moet wees van Laingsburg en die Koue Bokkeveld af in die suide tot by die mond van die Oranje, en selfs tot in Suidwes. Selfs in die Transvaal is dit opgeteken.

Oor die oorsprong van *jammerlap* kan 'n mens maar net gis. Dit kan verband hou met die gejammer wat 'n kind dikwels laat hoor as sy gesig afgegee word, of met die jammer oor die gemors wat die lappie moet verhoed of verhoed.




As 'n mens ook verder die twee kaarte met mekaar in verband bring, blyk dit dat hulle saam bespreek moet word. Net soos die vadoek is die waslap 'n voorwerp met verskillende en uiteenlopende gebruike, naverwante gebruike, wat soms moontlik kon oorvleuel. Die een hoort wel tuis in die kombuis en die ander in die badkamer. Maar die woorde is oud, en sommige geriewe betreklik nuwerwets vir 'n groot deel van die sprekers. Uit my kinderdae onthou ek maar te goed hoe daar geskimp is op mense wat — seker wel uit nood — nie altyd onderskeid gemaak het tussen kombuis- en slaapkamer-gereedskap nie. So kan die woorde *kom* en *skottel*, *vadoek* en *waslap* wat betekenis en gebruik betref, nie altyd suiwer uitmekaar gehou word nie. Geen wonder dat op die *waslap*-kaart die woord *vadoek* so volop voorkom nie. Die grootste deel van Wes-Kaapland is *waslap*-gebied, met *vadoek* hoogs uitsonderlik hier en daar opgeteken. Maar oor die res van die gebied kom *vadoek* byna net so algemeen voor soos *waslap*. Hier en daar word hy darem nader bepaal om dit van die kombuisvadoek te onderskei: *wasvadoek*, *gesigvadoek*, *handevadoek*, *voetwasvadoek*, *kamervadoek*. Sommige hiervan is miskien van jonger datum, soos *badkamervadoek*.

Dit is natuurlik goed moontlik om die woord *vadoek* vir albei doeke te gebruik sonder gevaar van misverstand: in die situasie is dit tog altyd moontlik om te weet watter van die twee bedoel word. *Vadoek* kon natuurlik eers in gebruik kom in die betekenis "waslap" nadat die element *vaat*- geen betekenis meer gehad het nie. En dit moet vroeg in die geskiedenis van Afrikaans reeds gebeur het, gelet op die groot gebied waar die woord so gebruik word.

Homoniemevrees kan as faktor in die taalontwikkeling maklik oordrywe word en dan lei tot 'n teleologiese taalbeskouiing (vgl. Vidos: *Handboek tot de Romaanse Taalkunde* Malmberg 1956, bl. 57). "Die Homonymie wird in den deutschen Mundarten weithin geduldet" sê Mitzka (*Kleine Schriften*, Berlin 1968, bl. 417). Ek meen dat ons van Afrikaans dieselfde kan sê, op grond van talle voorbeelde.

By 'n vergelyking van die twee kaarte onder bespreking wil dit nogtans lyk of hierdie faktor hom tog laat geld. Soos gesien, kom *vadoek* op albei kaarte, 92 en 93 voor, sodat die woord van toepassing is



op die lap wat in die kombuis gebruik word sowel as op dié in die slaapkamer (deesdae die badkamer). 'n Geval dus van homonimie. Dit geld egter nie vir die hele gebied nie. In die badkamer (kaart 93) is *vadoek* tot die oostelike gedeelte beperk. Nou is dit opvallend dat juis hier die neiging bestaan om op kaart 92 (in die kombuis) die woord *vadoek* te vervang met *teegoeddoek*. In die westelike gebied, waar *waslap* vir die badkamer die heerskappy voer, het *teegoeddoek* in die kombuis nie posgevat nie. *Teegoeddoek* vorm dus 'n konkurrent vir *vadoek*, maar nie vir *waslap* nie. Waarom? Blykbaar omdat die sprekers die indruk wil vermy dat hulle hulle hande en voete met die (kombuis)vadoek afvee. Daar ontstaan dus 'n weerstand teen die gebruik van dieselfde woord vir die lap in die kombuis en dié in die badkamer. In dieselfde gebied waar *vadoek* in die badkamer gebruik word, is die ou woord besig om in die kombuis 'n stryd te voer teen die nuwe *teegoeddoek*, waar hy nog standhou, is dit dikwels met behulp van 'n bepaling: *kombuisvadoek* of *skottelgoedvadoek*.

Homoniemevrees dus? Klaarblyklik wel. Die geval het egter 'n sielkundige ondergrond, wat glad nie so vergesog is soos wat menigeen vandag geneig sal wees om te dink nie. Uit my kinderdae onthou ek baie goed, soos reeds opgemerk, hoe daar geskimp is op mense wat kombuis- en kamergereedskap deurmekaar gebruik. Dit was tye van groot nood, kort na die Engelse Oorlog en lank voor die tyd van hedendaagse luukse badkamers, ingeboude baddens en wasbakke en krane met lopende water in die huis. Daarom sal die *kom* en *skottel* waarskynlik 'n dergelike storie vertel.

Die antwoorde: Vraelys 2(1957) Vraag 4(a):

BX 3	vatdoek, vaddoek, vadoek	13	varoek
CO 2	vadoek	14,	18, 21, 23, 24, 25, 26, 28, 29 vadoek
CP 2	vaddoek	31	kombuisvadoek(varoek), teegoeddoek
	3 va-doek	33	vadoek, vaddoek, kombuisvaddoek, skottelgoedvaddoek, vaadoek
CX 1	vadoek, vadek	35,	43 vadoek
	3 vadoek	44	vaadoek
CZ 3	vadoek	46,	vaadoek
DP 2	vadoek	48	vaddoek, vadoek, kombuistouel, varoek
	4 vadoek	51	vadoek
EO 2	vadoek, varroek	52	váádoek, vadoek
	3 vadoek	55	vadoek, teegoeddoek
ER 2	vadoek	57	vadoek
EV 2	varoek	58	vadoek, varoek, vaddoek
	3, 9, 11 vadoek	60	vaadoek, teegoeddoek, va-doek, vadoek, kombuisvadoek
EW 3	vadoek	61	vaadoek
	12 varoek	62	vadoek, vaarroek, vaadoek, teegoeddoek
	18 vadoek	63	vadoek
	21 vaddoek (vir was), teegoeddoek (vir afdroog)	66	vadoek
	23, 27 vadoek	FW 1	vadoek, tegoe-doek
	29 va-doek, vad-doek, varroek	4	skottelgoed vadoek
	32 vadoek	5	vadoek
EX 1,	vadoek	7	vaadoek
8	vadoek, teegoedlap	6-	18, 12, vadoek
10	vadoek	15	vadoek, varoek
FP 3	varoek, opwaslap (minder)	16	vadoek
	8 va doek	17	vadoek, varoek
FT 3	vadoek	20	vadoek, vaddoek, koppiesdoek
	4a varoek	21	afdroog vadoek, vadoek
FU 1	vaddoek	22	vaddoek
	4, 5, 6 vadoek	23	vádoek
	7 vaadoek	26	vadoek
	9 vadoek		
FV 2	vadoek		
	10, 12 vadoek		

29	skottelvadoek	79	skottelgoedvadoek (vaddoek)
31,	36, 38, 41, 48, 49, 52 vadoek	83	vadoek
50	vaadoek	GW 3	vadoek
55	teegoedlap, vadoek, afdroëdoek	5	vaddoek, vadoek
59	vadoek	13	vaa-doek, sporadies: jammerlap
64	va-doek	20	vadoek, teegoeddoek
FX 4,	5, 8 vadoek	21	vatdoek
9	vatdoek, kombuisvatdoek	23	vadoek
13	vaadoek	26,	28 vadoek, vatdoek
18	vadoek	30	varoek
29	vaadoek	32	vádoek
32	vadoek	38	vádoek, (gewas), teegoeddoek (afgedroog)
36	vaddoek, vadoek	39	varoek
37,	vadoek	42	vadoek
GP 2	vadoek	43	vá-doek
3	vad-doek, va-roek	44	vadoek
GR 1	vadoek, vatdoek, jammerlap	47	teegoeddoek
7	vádoek	48	vadoek
GS 5	vadoek	48a	vaadoek
GT 13	vadoek	49	varroek
14	vaadoek, vadoek	51	teëgoeddoek, varoek
18	varoek	52,	53 vadoek
19	vadoek	54	vadoek, bordedoek
21	vaadoek	55	vá-doek
GU 4,	8 vadoek	56,	62, 63 vadoek
11	vaadoek, vadoek	64	kombuisvadoek, teegoeddoek
12,	14 vadoek	65	varoek
16	vaddoek, soms a lank	66	vádoek
17	teegoeddoek, teedoek	68	vatdoek — afdroogdoek
18,	19, 20, 21, 22 vadoek	72	vaadoek, vadoek
25	vadoek, teegoeddoek	74,	77 vadoek
28a,	30, 32, 33 vadoek	GX 1	afdroogdoek, vadoek (kort a maar nie vaddoek nie)
36	varoek, teegoeddoek, vadoek	6	vaadoek, vaduk
37,	39 vadoek	7	vadoek
41	teegoedlap	9	(was) vaatdoek
42,	43 vadoek	11	vaatdoek, vadoek
44	vaddoek	14	vaadoek
47,	teegoeddoek, varoek	17,	vadoek
50	vádoek	18	vadoek, kombuisdoek
55	vaddoek, vádoek	20,	21 vadoek
57	vaadoek, vaddoek	25	vadoek
GV 1	teegoeddoek, vaddoek	HP 3	vadoek, jammerlap
2	vaa-doek, vadoek, varoek	8	vadoek
3,	4, vadoek	13	vaddoek
5	vaadoek fa:du:k	15	varoek
7	vatdoek	16	vadoek, vatdoek (selde)
12	vaddoek, vádoek	17	varroek
22	vadoek	19	vadoek
23	vadoek, teegoeddoek	20	vaddoek, vadoek
24	vadoek	HR 2	vadoek
25	vaddoek	4	vaadoek
26,	28, 30 vadoek	6	teegoedlap
34	vadoek, vaddoek, teegoeddoek	21	vadoek (a soos in pa), vaa-doek
35	droog- of teegoeddoek	24	kombuisvadoek, vadoek
40	vadoek	29	vadoeklap
41	vadoek, vaddoek	31	vaadoek, vadoek
42,	43, vadoek	35-	36 vadoek
Hierdie *rooi perdeby* is wild en geniëpsig en word gevrees deur almal wat hom ken. Dit blyk uit baie van sy name. Uittien wys in sy grappige boek oor *De Volksnamen van onze planten* daarop dat "de haat maakt de tong en de fantasie eerder los dan de bewondering ... Elk volk put zich altijd uit in het bedenken van scheldwoorden en als men eenmaal begint te schelden, komen er de gekste, antieke of dialektische uitdrukkingen voor den dag." (bl. 23). In die Afrikaanse woordeskat is daar twee elemente wat in dergelyke gevalle goed te pas kom: *duiwel*, en *kakie*, wat min of meer gelyke status geniet in die volkstaal. Die lastige *knapsekêrel* (ATA 3) het twee *duiwel*-name en vier

kakie-name. Die geniepsige *duwweltjie* (ATA 5) het ses *duiwel*-name, vier *kakie*-name plus nog *troepdubbeltjie*. Vir die *rooi perdeby* kry ons tussen die skeldname *duiwelby* en in hierdie geval die gepaste *rooi-baadjie*, 'n ouer naam vir 'n Engelse soldaat.

Van die ander benaminge is die meeste selfverklarend. *Bantam*-dui op iets wat besonder klein is (WAT 331). *Noormannetjie* en sommige van die ander laat 'n mens dink aan Uittien se "gekste, antieke en dialektiese uitdrukkingen". Miskien het *noormannetjie* iets te doen met *noors*, *nors*, wat kan beteken sleggehumeurd, kwaadaardig. Ons ken die woord ook as naam van 'n trekos, gewoonlik juis die ontembaarste van die span, as ek goed onthou, maar veral om te rym met Voorman.

Malby is maar een van die skeldwoorde wat in 'n mate miskien verband hou met die by se gedrag. Dit dek die grootste gebied na *rooi(perde)by* wat met uitsondering van enkele kolle, die hele kaart bedek. Die benaming *rooi* of *rooi-perdeby*— en voeg *bruinperdeby* ook maar daarby — lê so voor die hand dat tradisie daar nie juis 'n groot rol by hoef te speel nie. Met *malby* is dit ietwat anders, soos die geografiese beeld ook bewys: hy is naamlik tot 'n bepaalde gebied beperk. Die gebied lê ten suide van 'n lyn wat loop van Clanwilliam af oor Williston en Colesberg tot by Barkly-Oos. Tussenin kom etlike ander sinonieme ook voor, maar hier en daar vorm *malby* tog 'n taamlik digte net behalwe van Uniondale af tot by Port Elizabeth suid van die Swartberg, waar *nonkasby* heeltemal die oorhand het. Dis dieselfde gebied waar *ghalaghielies* (paddavissies, ATA 67) voorkom, *dawwerida* en *perree* (naguil, ATA 58); *ghanaghoetjie* (toktokkie, ATA 73), *keteldas* (flap, ATA 20) en nog meer dergelyke vreemdklinkende woorde. Die oorsprong moet moontlik in Hottentots gesoek word.

Met die eerste oogopslag het dit gelyk of *minorkaby* en *mokkaperdeby* moontlik met *nonkasby* in verband gebring kan word; daarom het hulle dieselfde kleur gekry. Die geografiese beeld sluit hierdie moontlikheid egter uit. Dit het gelyk na volksetimologiese vervormings. Minorka en mokka is albei bekende woorde, maar hoe hulle anders in hierdie betekenis in gebruik kon kom, is nie duidelik nie. Elkeen is maar op een plek opgeteken, sodat daar aan die gevalle nie veel waarde geheg kan word nie.

Boebies is op twee plekke net in die Vrystaat opgeteken, sodat die woord wel nie verband hou met *boebiegras* van Namakwaland nie.

Die antwoorde: Vraelys 12 (1966) Vraag 3(a):


CO 2	rooibye, rooi-perdeby	12	rooi-perdeby
CP 2	rooibye	18	rooi-pêreby
CX 1	perdebye, pêrebye, rooi-perdebytyjie, kooltjievuurperdeby, blitsperdeby	21	perdeby
CZ 3	romantjie	23	klein rooi-perdebye
DP 11	rooi	5	rooi-pêreby
DZ 1	perreby, roman	26	rooi perdeby
EO 3	rooi	28	rooi-perdeby (uitgespreek pêreby)
ER 2	rooi	30	rooi-pêrebytyjes
EV 3	rooi-perdeby	35	pêreby, rooi-pêreby ("klein" vooraan as dit klein soort is)
9	perdeby, minorkaby	44-48	perdeby
11	noormankies	52	noormannetjie
EW 21	perdeby	61	perdeby
27	malby, rooi-bytyjie	62	rooi-perdeby, rooi-pêreby
29	rooi-perdeby (pêre)	66	rooi-perreby
EX 1	rooi perdeby	FW 1	pêreby, perdeby
5	rooi perdeby	5	rooi perdeby (groter soort), vuurbrander of noormannetjie (kleiner soort)
FP 2	rooibye	12	perdeby
FU 5	perdeby	16	rooi perdebytyjie
6	perdeby, rooi		
FV 2	mokka perdeby		

	20	noormannetjie, bruin perdeby		24,	29 rooiby
	21	rooi perdeby	HS	5	rooiby. Hier kom ook 'n baie klein soort voor nl. brandbytjie. Is ook rooi, maar nie so gevaarlik soos die grote nie.
	25	rooiperdeby (pêre7			
	29	perdeby		14	rooiby (groter soort), brandby (klein soort)
	36	rooi perdebytjie		19,	35, 38 rooiby
	38	pêrebye	HT	6,	33 rooibye
	45	rooi pêreby, perdeby	HU	16	rooiby
	50	perdeby, rooi-perdeby, rooi-bytjie		17	klein rooi perdebytjie, rooibye
	55	rooi-perdeby		23	rooi perdeby
	64	perdeby (pêreby is algemeen)		26	rooibye
FX	4	onbekend		30	klein perdeby. Hier is 'n derde soort wat genoem word rooi-perdeby wat die gouste is om te steek. Sy neste is hier baie in peperbome en onder verandas.
	9	bruin perdebytjie		32	boebies, pêrebye
	11	noep-noepertjies		43	rooi perdeby
	25,	27 rooi perdeby		44	bruin perdeby
	30	vespe		45	rooiperdeby(tjie)
GP	2	rooiby		46	klein perdeby (perreby)
GS	5	rooiby (1 ¼'' lank), brandby (½'' lank)		48	perdeby (wesp)
GT	13,	18 rooiby	HV	2,	9 rooi perdeby
GU	1	rooiby		22	rooi pêreby
	4	rooibye		33	rooi perdeby
	14	rooiby		36	perdebye, rooiperdebye, vrugteperdebye, rooibytjies
	20	rooiby (nader omskrywend: rooi-perdeby)		37	bruin perdeby
	32	rooipêreby		38	perdeby
	33	rooi pereby		59	rooiperdeby, boebie
	36	rooi perreby	HW	5	rooi pêreby
	37	perdeby, rooiperdeby		7	perdeby
	42,	43 rooiperreby		14	klein perdebye
	50	rooiby, rooiperdeby (minder algemeen)		17	rooi perdebytjies
GV	1	perdeby, rooi perdeby, pêriby		22	klein perdeby (baie seldsaam)
	2	perdeby, (pêreby)		23	perdeby, rooi perdeby
	12	rooi perdeby		25,	32 perdeby
	13	brommerby	HX	23,	33 perdeby
	34	rooiperdeby		34	rooi perdeby (uitgespreek: pêreby)
	39	perdeby, bruin perdeby (uitspraak: pêreby)		40	perdeby, rooiperdeby
	43	rooi perdeby	IP	3	pêre-by, rooi-by
	46	klein perdeby, rooi perdeby		10	rooiby (nie algemeen)
	47	rooi-perdeby	IR	13	rooiby
	59,	64 rooi pêreby		38,	40 perdeby
	70	pêreby, by, rooi pêrebytjie		41	rooi-perdeby
	72,	74 perdeby	IS	22	malby
	78	rooiby		30	rooi-by
	82	perdeby	IT	13	rooiby
	83	klein perdeby		28	malbye
GW	3	bruin-perdeby	IU	3	perdeby (pêreby)
	5	klein perdebytjie		8	pêrebye
	13	rooi perdeby		10	rooibye
	21	klein perdeby		19	malby
	28	klein (rooi) perdeby		22	perdeby
	30	rooi perdeby		29	malby, kleinpêrebye
	32	wilde heuningby, perde heuningby, wilde-heuning		38	malby
	34	malbije	IV	5	hommelbly
	47	nie juis 'n ander naam as "by", maar daar word geglo as hy jou steek gaan jy dood.		7	perdebye (gewone)
	52	rooi perdeby		8	pêreby, kleinperdebye
	60	rooi pêrebytjies		19	bantam perdeby, perdeby, malby
	68	rooi perdebye		21	bruin perdeby
	70a	klein perdebytjie		27	malby
	78	malbye		28,	32 perdeby
GX	9	perdeby	IW	1	rooi perdeby
	11	onbekend		10	perdeby (pêreby)
	14	rooi perdeby			
	21	rooiperrebytjie			
HP	8	rooiby			
	16	rooi-by			
	19	rooibye			
HR	21	rooi-by			

KP	1	rooi-pêreby	59	nonkasbye	
KR	2	malby	68, 71	perdeby	
	6	kwaai rooi bytjies	KU	3	malby, perdeby
	8	houtby		19, 29	rooiby
	10	hondeby		35	malbytjie, rooibytjie
	23	rooiby		40	nonkaby
	25	hierdie by word ook 'n pêreby genoem by ons, maar hy is geelbont en bou sy nes anders as die een hier onder.		44	nonkasby
	26	pêreby, bruin pêreby		49	nonghas by
	34	rooiperdeby		50, 54	nonkasby
	36	brandby, bruin perdeby	KV	15	rooi perdeby
	42	perdeby		26	onbekend
	49	perdeby (Eng. wasp)		37	perdeby, rooiby
	77	malby		43	malbye
	83	pêreby, perdeby		58	wesp
	98	malbye	LR	2	pêreby
KS	9	rooi perdeby		7	perdeby
	46, 54	malby		9	hommelby
	57	rooi perdeby, malby		10	heuningby
	58	malby		13	onbekend
	63	rooiperdeby, rooibytjie		18	malby
	73	rooipêreby, rooiperdeby		23	brandby, rooiby
	76	bruin perdeby, rooiby(tjie), rooi perdeby		27	steekperdebytjie
KT	4	perdeby	LS	2	rooibaadjie, perdeby
	5	rooi-by		13	bont-perdebytjie, malby
	19	bruin perdebytjie, rooi perdeby		15	perdeby
	25	rooiby		19	malby
	36	rooi perdeby, waterby		20	perdeby
	43	malby		31	perdeby (giftige soort), rooibytjie of rooiperdeby maak sy koek of nes in rhenosterbossies of bome.
	46	perdeby	LT	4	rooiby
	54	rooiby	LU	2	rooi pêreby
	55	bruin perdeby			

98 DUIWELSNUIF (*Phellorina inquinans*)

Vraelys 14 (1968) Vraag 9 (c):



Hierdie swamagtige plante in die vorm van 'n sambreel, is soms dodelik giftig; ander weer eetbaar.

(c) Hoe word die soort genoem wat net 'n knop vorm; as dit ryp en droog word, is dit vol van 'n stowwerige poeier? (bv. *duiwelsnuif*).

Daar sit heelwat patroon in hierdie kaart, hoewel 'n mens sou verwag dat by die naamgewing van so 'n plant die volksverbeelding 'n groot rol sou speel, veral die kinderfantasie. Dis 'n plant wat nouliks opgemerk word; eintlik verbasend dat hy so algemeen en nogal by name bekend is. Inderdaad is daar onder die lys name volop bewys van die vindingrykheid van groot en klein om name te gee. Nogtans het die geskiedenis hom ook laat geld, vandaar die duidelike patroon hier en daar.

Woorde soos *sampioen* en *paddastoel* is natuurlik oud en algemeen bekend, ook in Nederlands. Maar van besondere betekenis is veral minder algemeen bekende woorde wat in Nederlands aansluiting vind, nl. *duiwelsbrood* en *ajosie*.

Hoeveel van die talle *duiwel*-name van Nederlandse afkoms is, is moeilik om te sê. Miskien is dit net *duiwelsbrood*, wat in Nederlands op die een of ander soort paddastoel van toepassing is. Hierdie woord is sodanig oor sowat die hele Afrikaanse taalgebied versprei dat 'n mens daarvan stellig kan aflei dat hy oud moet wees in Afrikaans en waarskynlik uit Nederlands geërf is. *Duiwelsnuif* kom weliswaar minstens net so volop voor. Maar *-snuif* is baie meer 'n voor-die-hand-liggende benaming vir hierdie besondere plant as *-brood*. Sodra die element *duiwel*-eenmaal bekend was (*duiwelsbrood*) was dit maklik vir *duiwelsnuif* om te ontstaan en pos te vat vir hierdie *snuifballe*. So maklik kon hierdie woord ontstaan dat dit moontlik op verskeie plekke onafhanklik gebeur het. Daarom kan die verspreiding nie as bewys aangevoer word van 'n historiese tradisie nie, soos egter wel in die geval van *duiwelsbrood*.

Dat *duiwelstwak* op 'n aantal plekke ver uitmekaar opgeteken is, kan maar net daarop dui dat die woord op verskeie plekke onafhanklik ontstaan het. *Snuif* en *twak* staan so na aan mekaar dat waar *duiwelsnuif* algemeen voorkom, dit maklik kan gebeur dat *duiwelstwak* daaruit ontstaan, net soos *-kos* uit *-brood*. Net so hoef 'n mens nie 'n verklaring te soek vir *duiwelsaas*, *duiwelsdrek*, *duiwelsgif*, *duiwelspoeier* en *duiwelsand* nie. 'n Raak beskrywende woord is *duiwel-se-vingerhoed*; die plant lyk inderdaad soos 'n vinger met 'n doppie op.

Afgesien van die *duiwel*-afleidings, is daar nog talle ander wat getuig van "der Freude an spielerischer Wortschöpfung" (Mitzka): *wolf-en-jakkals*, seker wel na aanleiding van von Wielligh se stories. Dikwels sien 'n mens twee teen 'n miershooftaan; die een iets groter as die ander. Verder nog *jakkalssnuif*, *wolwesnuif*, *heksesnuif*, *bobbejaansnuif*, *slangsnui*, *snuifdoos*, *poeierdoos*, *snuifballe*, *stofballe*, *gifballe*, *slangbol*, *slanggif*, *wolwegif*.


Paddastoel is op baie plekke oor die taalgebied opgeteken, sonder om die plant te onderskei van die gewone paddastoel. Hier en daar word dit darem nader bepaal: *meelpaddastoel*, *brandpaddastoel*. Wat Mitzka

hieroor sê, geld ewegoed vir Afrikaans: "Zusammensetzungen wollen vielfach vedeutlichen".

Blindepoeier en *blindblommetjie* berus blykbaar op die geloof dat die poeier skadelik vir die oë kan wees; *blinkings* daarop dat dit gebruik word om iets mee blink te vrywe.

Papie is 'n bekende sinoniem vir paddastoel, wat dus hier en daar ook op hierdie plant toegepas word, met die pragtige verduidelikende samestelling *snuifpapie*.

Ouelkje moet 'n tradisie hê in Afrikaans. Dit is weliswaar yl maar tog in 'n aaneengeslote gebied opgeteken van Aliwal-Noord af deur die Wes-Vrystaat tot in Noord-Kaap en die aangrensende Wes-Transvaal. Dis egter moeilik om enige verband te sien met die woord *ouel* (nagmaalbrood; kapsule). Ook die Nederlandse ouwel(tje) bied weinig aanleiding daartoe om daar 'n aanknopingspunt te soek.



Met *ajoo*s lyk die vooruitsigte op 'n verklaring beter. Dit is opgeteken van Ceres, Piketberg, Velddrif af in die suide tot aan die Oranje, met 'n taamlieke oop kol tussenin. Die verspreiding dui op 'n lang geskiedenis.

In Nederlands kom *joosjebrood* dialekties voor vir 'n soort paddastoel naas *duivelsbrood* (WNT VII – 1, 436). Net soos Afrikaans *joos*, *josie* is *joost*, *joosje* in Nederlands bekend in die betekenis: duivel. Die verband is duidelik. Net die *a-* moet nog verklaar word. 'n Mens kan dit noem 'n protetiese *a-* soos ook in *adahlia* uit *dahlia* (Afrikaanse *Etimologieë*). Daarmee konstateer jy net die verskynsel. Ek kan egter geen beter verklaring aan die hand doen nie. En die *anjosie*: is die *an-* sekondêr of nie dalk primêr nie? Waarskynlik tog maar sekondêr; 'n verdere ontwikkeling van die protetiese *a-*.

Oumeidsnuif vorm 'n digte net in Suid-Kaapland tussen die Gourits en die Gamtoos, suid van die Swartberg. Opmerklik dat dit net by die Meiringspoort (by Klarstroom) deurbreek het tot noord van die berge. Verder is dit nog op verskeie plekke opgeteken, ver van hierdie gebied af, soos ook die ander sinonieme wat hierby aansluit: *meidepoeier*, *oumeidskos* en *kafferpoeier*. Dit is heeltemal moontlik dat van hierdie gevalle onafhanklik ontstaan het. Verskeie medewerkers maak melding

van die feit dat die poeier deur (ou) Kleurlingvroue en Boesmans aan die gesig gesmeer word as skoonheidsmiddel. Vandaar ook *tjobo* (*tj-* is 'n klik-klank; wel 'n Hottentotwoord) en *konsa*, volgens die mede-werker 'n Nama-woord. (*k* is 'n tongklap).

Haseboegoe (KP 1) kan miskien in verband gebring word met 'n opmerking by HS 5 (Fraserburg) dat Boesmans die poeier met 'n haasstertjie aangewend het om by babas skrynerigheid te voorkom. *Negosie* is moontlik 'n poging om 'n vreemde woord te verafrikaans.

Die antwoorde: Vraelys 14 (1968) Vraag 8(c):

CO 2	duiwelbrood	2	oultjies
CZ 3	bobbejaansnuif	11, 12	duiwelsnuif
DO 9	parrastoel	27	het nie 'n spesifieke naam nie
DP 11	—	34	die soort is bekend, maar nie by 'n spesifieke naam nie
DZ 1	wolwesnuif		
ER 2	paddastoel, duiwelsnuif		
EV 3	snuifpapier		
	5 poeierdoos		
	11 duiwelsbrood		AI die plante onder 9 genoem is bekend onder die veralgemeende naam van paddastoel.
EW 27	duiwelsnuif	39	duiwelsnuif, duiwelsbrood
EX 1	—	46	duiwelsnuif
FP 2	duiwelsnuif	47	bobbejaansjuif
FV 4	—	59	parrastoel
FU 5	duiwelsnuif	70	duiwelsbrood
FV 12	jakkalsnuif, duiwelsnuif	72	—
	18 duiwelsnuif	74	—
	21 paddastoel	82	naam onbekend
	23 bobbejaansnuif	83	—
	26 duiwelsnuif	GW 2	— GV 19 slangbol, duiwelsnuif
	28 duiwelskos	GW 3	nie naam nie
		13	stofbolle
	30 bobbejaansnuif	21	papier
	35 —	27	duiwelsnuif
	44 duiwelsnuif	28	duiwelsbrood
	46 paddastoel		
	61 wolwesnuif		
	62 —	30	onbekend
	66 duiwelskos	32	duiwelsbrood
FW 1,	5 duiwelsnuif	47	naam onbekend
16	bobbejaansnuif	48	duiwelsgif
20	duiwelsnuif	52	onbekend
25	duiwelskos	78	nie 'n naam
38	duiwelsnuif	GX 9	onbekend
45	meelpaddastoel, parrastoel	11	naam onbekend
64	slanggif	HP 8	ajoo (a-joos)
FX 4	—	16	tjobo (tj = klik) stowwerige poeier word aan die gesig gesmeer deur ou Kleurlingvroue — ook gesê die vrou het haar getjobo.
	11 wolwesnuif		
	27 slangnuif		
GO 1	wolwegif	HR 21	paddastoel
GP 2	—	20/	21 duiwelsbrood
GS 5	duiwelspoeier	24	ajoo, duiwelbrood
GT 13	oueltjie	29	konsa. Namawoord — spreek uit met tongklap. Kleurlingvroue meng dit met vet en smeer dit dan aan die gesig as skoonheidsmiddel
	18 oumeidsnuif, duiwelsbrood		
	24 duiwelsbrood	35/	36 ajoo
GU 1	duiwelsbrood	HS 5	duiwelsbrood. Boesmans het die "poeier" gebruik. Met 'n haasstertjie is die poeier aangewend om by babas skrynerigheid te voorkom.
	2 het nie 'n naam nie		
	4 duiwelsnuif	14	ajoo, duiwelsbrood
	14 duiwelsdrek	19,	38 duiwelsbrood
	16 het nie 'n naam nie		
	20 —		
	32 duiwelsaas		
	33 duiwelsbrood		
	43 onbekend		
GV 1	parrastoel	HT 6	duiwel se vingerhoed

- 24 oumeidskos, oumeidkos, oumeidsnuif.
- HU 16 parastoel, papie
- 17 duiwelsbrood, duiwelsnuif, bobbejaansnuif, gifbol. As kind het ek net die naam bobbejaansnuif geken. In Griekwaland-wes was dit die algemene naam en dit kom steeds orals voor. Duiwelsnuif was destyds ook bekend maar die gebruik was minimaal. Tans word beide gehoor maar dit wil voorkom of duiwelsnuif meer algemeen is.
- 23 duiwelsnuif
- 30 ouweltjie
- 32 duiwelsand
- 43 duiwelsbrood
- 44 oueltjies
- 48 duiwelsbrood (ajoes in Noordwes-Kaap)
- HV 2 duiwelspoeier
- 9 paddastoel
- 22 brand parrasatoele
- 36 paddastoel
- 37 —
- 38 duiwelsnuif
- 59 duiwelsbrood
- HW 5 paddastoel
- 7 ons het maar altyd gemeen dat dit die gewone soort was, wat sleg geword het.
- 14 duiwelsbrood
- 17 duiwelsbrood
- 22 onbekend
- 23 paddastoele
- 25 duiwelsbrood
- 32 —
- HX 12 snuif bolle
- 23 nie spesiale naam nie
- 40 duiwelsnuif
- IP 3 duiwelsnuif
- 4 sampioen. Vroeër het die kleurling meide hierdie poeier met vet gemeng en hul gesigte daarmee gesmeer teen sonbrand van hul velle — ook het hul geglo dat na die afwas van die gesig die vel wat dit bedek het, witter en fyner was as voor die aansmeer.
- 7 meide poeier
- IR 38 duiwelsbrood
- IS 22 paddastoel
- 30 —
- 38 negosie (die segsman ken nie die naam "ajosie" nie)
- IT 19 duiwelsnuif, blindepoeier
- IU 3 duiwelsbrood
- 8 —
- 12 oumeid-snuif
- 19 blinkings (om koperware mee op te vryf)
- 22 —
- 23 duiwelsnuif, duiwelsbrood
- 29 duiwelsbrood
- 38 duiwelsbrood
- 41 duiwelsnuif
- IV 5 duiwelstwak
- 7 jakkalsnuif, oultjie
- 8 —
- 19 geen spesifieke naam nie
- 21 duiwelsbrood
- 32 slangsnuif
- IW 1 kafferpoeier
- KP 1 haseboegoe
- KR 2 —
- 8 duiwelkos
- 23 duiwelsbrood
- 25 duiwelsnuif
- 26 duiwelkos, anjosie
- 34 duiwelsnuif
- 36 duiwelsbrood, ajosie
- 45 duiwelbrood
- 49 duiwelsnuif
- 65 duiwelsbrood (daar is veral 'n soort wat onder slangbosse staan (Stoebe spp.)

	en wat die skaap uitgrawe en vreet)	29	paddastoel
65	duiwelsnuif, oumeidsnuif, ajosie	34/	35 duiwelspoeier
77	duiwelsbrood of -snuif	50	oumeidsnuif
98	bobbejaansnuif	54	—
KS 9	duiwelsbrood	55	blindblommetjie
31	paddastoel	KV 4	bobbejaansnuif
46	duiwelsbrood, duiwelsnuif	21	onbekend
56, 57, 58	—		
67	paddastoele	37	—
73	duiwelskos	41	paddastoel
76	oumeidsnuif	58	duiwelsnuif
KT 4	—	LR 2	—
5	duiwelsbrood	8	bobbejaansnuif
19	duiwelsbrood, paddastoel	13	duiwelsnuif
25	duiwelsnuif, oumeidsnuif	LS 1	gifbol
26	paddastoel, oumeidsnuif, duiwelsbrood	2	duiwelsbrood, duiwelsnuif
36	oumeidsnuif, hekse-snuif	19	wolf en jakkals
46	duiwelsnuif, oumeidsnuif	20	onbekend
55	oumeidsnuif	29	papies
59	oumeid se snuif	31	— duiwelsbrood — omdat dit bo so rond soos 'n brood is
68	'n bal, oumeid-se-snuif		
71	snuifdoos, oumeidsnuif, bobbejaansnuif	LT 4	paddastoele
KU 4	duiwelsnuif	9	oumeidsnuif
17	—	LU 1	duiwelsnuif
19	duiwelsbrood	2	nie spesifieke naam nie

99 DODDER

Vraelys 10 (1964) Vraag 10:

Hoe word die parasietplant genoem wat soms in lusern aangetref word, maar ook op alle moontlike ander plante teer? Dit bestaan uit lang garingagtige geel tot oranje-rooi stingels wat hulle met suiertjies aan 'n ander plant vasheg, waarom hulle heen vleg. (Soms genoem *dodder*, *duiwelsnaaigare*, *warkruid*, *duiwelstou*, *nooienshaar*, *perdeslaai*, *monniksbaard*).

Die woord *dodder* kan uit Nederlands afkomstig wees of uit Engels, moontlik uit albei. In vorm en betekenis kom die woord merkwaardig ooreen met dié in Engels (*The Shorter Oxford English Dictionary*, 1950 I, 546). In Nederlands is daar variante wat afwyk en die woord is soms ook op ander plante van toepassing as die bekende groep parasietplante. Die woord kom ook in Duits en ander Wesgermaanse tale voor.

Volgens Memoir 37 van die *Botaniese opname van Suid-Afrika* (Staatsdrukker, 1966 bl. 246) kom bepaalde uitheemse soorte wat in verskeie wêrelddele as 'n skadelike onkruid bekend is, van die begin van hierdie eeu af in Suid-Afrika voor. Waarskynlik het dit – soos verskeie ander skadelike onkruidsoorte – tydens die Engelse oorlog met naam en al die land oorstroom. Voor die tyd was die inheemse soorte wel reeds bekend, en wel onder verskillende name, waaronder waarskynlik ook die naam *dodder* van Hollandse herkoms. Op dié wyse sal die woord dan sy voorsprong bo die ander variante gekry het. Soos die kaart aantoon, kom *dodder* eweredig versprei oor die hele land voor.

Oor hierdie woord is daar dus nie bra iets verder op te merk nie, behalwe om te wys op die blykbaar Afrikaanse bepalende samestellings *draaidodder* en *luserndodder*.

Wat die kaart interessant maak, is die ander benaminge vir die groep inheemse sowel as uitheemse parasietplante. Hulle kom wel nie so algemeen voor soos *dodder* nie, maar is tog wyd en syd oor die land opgeteken. Sommige is nuutskeppinge in Afrikaans; ander bied interessante historiese aanknopingspunte.

Soos met baie ander onkruidsoorte moet 'n mens in die geval van samestellings met *duiwel*- bedag wees op die moontlikheid van Nederlandse herkoms. Hier te lande het *kakie*- in baie gevalle 'n sterk konkurrent vir *duiwel*- geword; 'n mens kan maar sê dat in die geval van baie onkruidsoorte *kakie*- die Afrikaanse ekwivalent geword het vir die (oorspronklik) Hollandse *duiwel*-. Waar *duiwel*- in Afrikaans nog voorkom, soos vir *dodder*, is hy duidelik van Hollandse oorsprong. Net so, waarskynlik, met *satan*-. Weliswaar maak die WNT nie melding van *satanswiere* nie; miskien is dit dan 'n (Afrikaanse) versterkende variant van die oorspronklik Hollandse *duiwelswiere*. *Wier* (vgl. Eng. *wire*) is in Afrikaans wel bekend in die samestelling *seewier*, maar klink origins ietwat vreemd (Hollands).

Duiwelsnaaigare is wel van Nederlandse herkoms (WNT III-2, 3628) asook *duiwelsgare*. Ander variante hiervan het waarskynlik plaaslik ontstaan: *duiwelsnaald-en-garing*, *naaigare* en *duiwelstou(tjie)*, wat waarskynlik ook hierby hoort. Aan die verspreiding op die kaart kan 'n mens sien dat hierdie groep baie oud moet wees in Afrikaans. In Kaapland is hulle kol-kol verteenwoordig in haas elke streek en kom in Transvaal in 'n digte net voor.

Warkruid moet ook oud wees en waarskynlik van Nederlandse herkoms. Heukels noem dit (vgl. *Afrikaanse Etimologieë* onder *dodder*) en dit is ver uitmekaar in ses verskillende dele van die land opgeteken. Hierdie

verspreiding dui daarop dat *warkruid* reeds in die vroegste Afrikaans sal bestaan het.

Nooienshaar is op sewe plekke opgeteken: Wes-, Suid- en Suidoos-Kaap, Noord-Natal en Noordoos-Transvaal. Hierdie verspreiding dui ook op 'n aansienlike leeftyd. Die element *nooi-* bewys natuurlik dat die woord nêrens anders as binne die Afrikaanse taalverband kon ontstaan het nie. C.A. Smith vermeld egter ook *vrouehaar*, waarvan 'n mens nie kan weet of dit soos verskeie ander sinonieme, miskien uit Nederlands afkomstig is nie. Indien wel, kan dit as voorbeeld gedien het vir die Afrikaanse *nooienshaar*. Smith maak melding van allerhande haarmiddels wat uit die plant berei sou gewees het, maar meen ook self dat die naam berus op die boskasie wat die plant vorm met sy byna hardun stingeltjies.

Monniksbaard moet ook oud wees in Afrikaans. Die drie plekke waar dit opgeteken is, lê ver uitmekaar uit en het geen besondere verband met mekaar nie. Dit laat 'n mens vermoed dat die woord vroeër meer algemeen bekend was. Die waarskynlike Nederlandse afkoms lê voor die hand.

Perdeslaai lyk na 'n willekeurige skepping wat blykens die verspreiding wyd bekend en waarskynlik oud moet wees in Afrikaans. Van *verwurgbossie* sou 'n mens dieselfde kon sê maar as parasietplant is die naam sodanig gemotiveer dat dit maklik op verskillende plekke onafhanklik kan ontstaan het.

Onkruid, parasiet, suierplant en voëlent is selfverklarend. Die egte *voëlent* is nl. ook 'n parasietplant vanwaar die naam hierop oorgedra kan wees.

Tolle is maar op een plek opgeteken (Barkly-Oos). Die herkoms is my nie duidelik nie. Die *tolbos* is natuurlik goed bekend. Miskien het tol = in die rondte draai, aanleiding gegee tot die gedagtegang rond tol, rond vleg al om die gasheerplant.

Die antwoorde: Vraelys 10 (1964) Vraag 10:

BX 3	onbekend	25	onbekend
CO 2	onbekend in die droë deel	26	duiwelsnaaigare
CP 2	onbekend	28	onbekend
CX 1	dodder, satans- of duiwelswiere	30	dodder, parasiet
CZ 3	onbekend	31	dodder
DP 11	dodder	33	duiwelstou, dodder
EO 3	onbekend	35	dodder
EP 6	varkruid	44	onbekend
ER 2	dodder	54	onbekend by 99% van gemeenskap. Ek self ken hom as dodder
EV 2	dodder	58	dodder, duiwelstou
3,	5, 9 onbekend	61,	62, 66 dodder
11	dodder	FW 1	kom nie hier voor nie
EW 16	—	5	duiwelsnaaigare
14-	18 hier onbekend maar party noem dit dodder	7	Qu inwoners, maar uit ander streke praat van dodder
23,	27 dodder	12	d o d d e r
EX 1	onbekend	16	geen boerdery
5	dodder	20	dodder
10	duiwelstou	25	onbekend
11	nooienshaar	29, 31, 36, 38	dodder
FP 2	dodder, duiwelsnaaigare (ouer mense)	45	onbekend
FR 3	dodder	50,	52 dodder
FT 3	dodder	55	dodder, ook monniksbaard by een persoon
FU 4	—	64	onbekend
5	dodder	FX 4	onbekend
6	dodder of parasiet	9,	10 dodder
9	onbekend	11,	25 onbekend
FV 2,	10, 12 onbekend	27	onbekend
18	dodder	29	monniksbaard
21	dodder, duiwelsgare	30	onbekend, behalwe hier en daar
23	dodder		
24	dodder		

	as dodder	HT 6	onbekend
	38 dodder	28	—
GP 2	doder	33	nie bekend (In omgewing van Kakamas word WARKRUID en duiwelsnaaigare of net naaigare gebruik d.w.s. in die streke waar lusern al lank verbou word.)
GR 1	dodder of doder		
GS 5	dodder		
GT 13	dodder		
	18 onbekend		
	24 dodder, dorder	HU 4	monniksbaard
GU 1	onbekend	16	dodder
	4, 11 dodder	17	dodder, luserndodder
	14 onbekend	20,	26, 30, 32, 43, 44, 45 dodder
	20 dodder, soms ook duiwelstou	46	dodder (alg.) Nie so bekend: duiwelstoutjie
	32 ?	48	onbekend
	33, 36 dodder		
	37 dodder, duiwelsnaaigare	HV 2	dodder
	42 dodder	9	onbekend
	43 onbekend	13	dodder
	50 dodder, duiwelsnaaigare (lg. meer sporadies)	22	duiwelstou
	55 dodder	33	onbekend
	57 dodder, doder	36,	37, 38, 59 dodder
GV 1	doder, dodder	HW 2,	5, 7 dodder
	2 duiwels-naald-en-garing, luserndodder	14	perdeslaai
	12 duiwelsnaaigare (ouer garde), dodder (jongeres)	17	onbekend
	13, 25, 30, 34 dodder	22	23, 25, 29, 32 dodder
	39 dodder, warkruid	HX 21	duiwelstou, nooienshaar
	43, 46 dodder	33	onbekend
	47, 51 onbekend	40	dodder
	58, 54, 68, 70 dodder	IP 3	duiwelstou
	72 duiwel se naaigare	IR 13,	36, 38 dodder
	74, 77, 78 dodder	40	warkruid
	81 nie hier bekend (soms hoor mens van dodder)	41	dodder
	82 —	IS 9	doder
		22,	38 dodder
GW 3	dodder	IT 7	onbekend
	5 duiwelsgare	13,	20, 28 dodder
	9 dodder	IU 3	dodder
	13 ? (dodder)	7	dodder (feitlik onbekend); bobbejaantou (dis nie dodder nie)
	21 duiwelstou	8	dodder
	27 duiwelsgare	9	duiwelstou
	28 dodder	10,	16, 19 dodder
	30 onbekend	22	dodder, duiwelsnaaigare
	32 dodder	29	duiwelstou, dodder
	36 onbekend	38,	38-40, 41 dodder
	42, 43 dodder	IV 3,	5 dodder
	44 —	7	warkruid
	47 nie baie hier aangetref nie, maar wel dodder	8	dodder
	48a dodder	19	dodder, tolle
	52 onbekend	21,	22, 28, 35 dodder
	56, 60 dodder	IW 1	dodder
	65 verwurgbossie	9,	10 onbekend
	68 suierplant	KP 1	onbekend
	70a, 74 dodder	KR 1	dodder
	78 draaidodder	2,	3 onbekend
GX 1,	9 onbekend	6	in lusern dodder in duiwel tou
	11 dodder	8	word min gehoor maar jy hoor dodder waar dit wel bespreek word.
	14 dodder (net een seun ken die woord. Die plant is onbekend)	10	dodder
	20, 21 dodder	23	onbekend (in Karoo dodder)
HP 3	dodder	25	nooienshaar, voëlent, përeslaai
	8 onbekend	26	onbekend
	16 geen naam want geen lusern nie	34	dodder, voëlent
	19 dodder (egter hier baie onbekend)	36	duiwelstou, nooienshaar
HR 21	n.v.t.	42	onbekend
	24 dodder	62	dodder
	29 onbekend	77	onbekend
	35- 36 dodder	83	dodder (min bekend)
HS 5,	14, 15, 19, 38 dodder	93	—

	97.	98	odder				
KS	9		bobbejaantou ????		KV	21,	26
	31		odder			37	die wat dit ken noem dit odder
	32		duiwelstou			41	odder
	35		onkruid			50	onbekend
	39,	46	odder	LR	2	onbekend	
	54		odder, luservoëlent (baie skaars)		7	odder	
	56,	57,	58	odder	8	odder (nie baie goed hier bekend nie)	
	62		onbekend		9	odder	
	63		odder		13,	18	onbekend
	67		dorder (odder)		22	minder bekend in hierdie area, maar word odder genoem	
	73		perdeslaai		23	odder	
	76		odder		26	duiwelstou	
KT	4,	19,	23,	25,	36	odder	
	36-	38	duiwelsnaaigare		27	odder	
	41,	43,	46,	53	odder	LS	2,
	54		onbekend		15	odder (nooienshaar en duiwelsnaaigare minder dikwels)	
	59,	62,	68	odder	17,	19	odder
	71		onbekend		20	nooienshaar	
KU	3		odder		25	odder, duiwelstou	
	4		odder, doder		29	—	
	19		—		31	onbekend	
	21,	27,	29,	35,	36,	40,	41
	44		nooienshaar		LT	4	odder
	49,	50,	54,	55	odder	LU	1,
						2	odder

100 ('N TROP) SKAAP

Vraelys 13 (1967) Vraag 7:

Die hele trop skaap is klaar geskeer. Sê u segsman in hierdie sin *skaap* of *skape*?

'n Boer praat van sy *bees* en *skaap*, al het hy meer as "honderd bees" en "duisend skaap". Miskien is daar meer dergelike gevalle; nou die dag hoor ek: "ons mag maar *ag kreef* per persoon vang". Die gebruik van *skaap* en *bees* as kollektief of as meervoud sonder uitgang is goed bekend in Afrikaans, maar glad nie algemeen in die taalgebruik nie.

Hierdie gevalle moet ons onderskei van ander wat in Afrikaans — soos ook in Nederlands — in die meervoud gebruik word sonder uitgang: *te voet*, *op die been* en dan die gevalle waar die meervoudsvorm as oorbodig gevoel word "bij substantieven die met een voorafgaand meervoudig woord (alle man) of met een telwoord, dienst doen als bepaling van maat, gewicht of prijs" (De Vooy: *Nederlandse Spraakkunst*, Wolters, 1949 bl. 50).

'n Mens kan hulle onderskei in dié opsig dat die laasgenoemde groep min of meer soos in vaste uitdrukkinge algemeen gebruik word, in teenstelling met *bees* en *skaap* wat 'n sterk dialektiese kleur het waar dit in die meervoud sonder uitgang voorkom.


Tog het naastenby almal waarskynlik dieselfde oorsprong: hulle dateer nog uit die Middelnederlands toe die onsydige s.nw. in die nom. en akk. mv. sonder uitgang was. Analogie het met die jare in die vormleer na alkante toe gewerk, maar hierdie reël het lank stand gehou, veral in die geval van eenlettergrepige s.nwe. met 'n lang stam (soos *schaep*) en nog te meer in verbinding met telwoorde. (Le Roux en Le Roux: *Middelnederlandse Grammatika*, van Schaik, 1963 par. 160).

Langsamerhand het die verboë meervoudsvorm ook na hierdie gevalle uitgebrei. Maar dialekties het die onverboë vorm hier en daar stand gehou: in Nederlands en vandaar ook in Afrikaans. De Vooy noem *schaap* by name as voorbeeld van 'n ou onsydige meervoud sonder uitgang in Saksiese dialekte. Edith Raidt het 9 gevalle van *beest* sonder meervoudsuitgang opgespoor in 'n dagboek van 1773 uit Lekkerkerk in Suid-Holland. (*Nederlandse en Kaapse spreektaal in die 17de en 18de eeu in Taalkunde* — 'n Lewe, Tafelberg, 1974 bl. 91).

Al lyk dergelyke skakels ook oortuigend genoeg om as verklaring te dien vir die gevalle in Afrikaans, moet 'n mens tog oppas en nie te gou gevolgtrekkinge maak nie. Daarom is dit goed om na die kaart te kyk, wat na my mening 'n sterk argument verskaf vir die Nederlands-dialektiese herkoms van *skaap* as meervoud.

Dis opmerklik watter duidelike grenslyn 'n mens kan trek tussen die gebiede waar die onverboë en die verboë vorm in gebruik is. Maar die treffendste kenmerk van die kaart is die feit dat die grenslyn tot in die Boland deurgetrek kan word. Hier in die kerngebied (vgl. sketskaart) moet oorspronklik albei vorme in gebruik gewees het: die verboë en die onverboë vorm. Maar ook dáár moet die skeiding reeds 'n geografiese patroon aangeneem het voordat die taalgebied verder as die kern uitgebrei het na die noorde en na die ooste. Want hierdie twee strome het elkeen sy eie vorm saamgeneem: die noordwaartse stroom die onverboë en die ooswaartse stroom, suid van die Swartberg, die verboë meervoud.

Die beweging van veral die veeboere na die droë noorde (noordweste) toe het meegebring dat hierdie mense gou hulle gereëde



kontak met die Kaap verloor het. Die ander groep wat suid van die berge langs beweeg het, het waarskynlik langer kontak met die Kaap behou, veral in dié sin dat daar gereeld 'n sterker stroom uit die Kaap of omgewing uit in dié rigting gevloei het. Die amptelike taal van die Kaap het blykbaar hierdie meervoud sonder uitgang in die geval van *skaap* (en *bees*) nie meer geken nie.

Hierdie patroon in die beweging van die boere gedurende die eerste jare aan die Kaap kan moontlik baie van die taalkaarte verklaar. Dit moet ten grondslag lê aan die onderskeiding wat van Ginneken al gemaak het — weliswaar enigszins lukraak — tussen "West-Afrikaans en Noordoost-Afrikaans" (vgl. sy sketskaart soos gereproduseer in Deel 4 van hierdie reeks, bl. 2).

Gelukkig beskik ons oor al die historiese feite van hoe die eerste boere die land van plaas tot plaas beset het. Daarvoor kan ek verwys na 'n vroeë artikel in die *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* Deel II bl. 23 (onder redaksie van C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar, Nas. Pers. 1947).


Nadat ek hierdie woorde reeds neergeskrywe het, het ek na baie jare weer gelees wat Kloeke in 1948 oor hierdie artikel sê. Ek haal dit aan omdat hierdie kaart die juistheid illustreer van die siening soos in daardie artikel uiteengesit. 'Ik heb uw bijdrage met grote belangstelling gelezen en spreek de hoop uit dat zij de inleiding mag vormen tot een breed taalgeografisch onderzoek. De problemen in Afrika zijn anders dan die in Europa maar u is reeds bezig een sleutel ter verklaring te vinden. Ook mij komt het voor dat de taal van het gearceerde gebied dat u op bl. 28 aangeeft van groot belang is voor een juist inzicht in de Afrikaanse taalproblemen.'

Die sketskaart waarna hy hier verwys, word opgeneem in die inleiding by hierdie nommer, oor "Wes-Afrikaans en Noordoos-Afrikaans" waarin ook ander kaarte by hierdie uiteensetting betrek word.


Die Antwoorde: Vraelys 13 (1967) Vraag 7:

- CO 2 skaap
CP 2 skaap
CX 1 Dit wil voorkom of dit die oueres is wat skaap sê terwyl die jongeres skape sê (meestal)
CZ 3 skape
DO 9 skaap (sonder uitsondering)
DP 11 skaap, skape
EO 3 skaap
EV 3, 5 skaap
EW 27 skape
29 —
EX 5 skape
FP 2 skaap
FU 5 skape
6 skape, mowwe
FV 2 skape
12 skaap
18, 21, 23, 26, 28, 30 skape
35 trop skaap
61 Hier is nie wolskape nie. Boere praat van hul skaap wanneer hulle 'n trop bedoel bv. "ek het die wagtertjie gestuur om die skaap bymekaar te maak". Hier is swartkopskape
62 skaap, skape
FW 1, 5 skaap
16, 20 skape
21 n.v.t.
25, 45 skaap
50, 55, 64 skape
FX 4, 11, 25 skape
27 geen skape in die Laeveld nie.
GP 2 skaap
GS 5 skaap
GT 13, 18 skaap
24 skaap
GU 1, 4, 14 skaap
20 skape
32 skaap
33 trop
37 trop skaap, trop skape (ewe veel)
42 skape
GV 1 skape, (minder: skaap)
2 skaap
12 skape
13 'n trop word "skaap" genoem
34, 39, 43 skape
46 skape, skaap
47 skape
59, 64 skaap
70, 72, 74 skape
GW 3 Trop skaap (ouer geslag), trop skape
13 skape
21, 26 skaap
27 skape
28 skape, skaap
30, 32, 34, 47, 52 skape
56 skaap
78 skape
GX 9, 11, 21 skape
HP 8, 16 skaap
HR 21, 21-29, 20 skaap
35- 36 skape
HS 14 skape
19, 35, 38 skaap
HT 6 trop skaap
HU 16 trop skaap

17	skaap, skape	67	skape (ou veewagters praat egter van skaap)
23	skape	73	skaap
30, 43, 44	skaap	76	skape
HV 2,	9, 22 skape	KT 19	skaap
38,	59 skaap	25	skaap, skape
HW 5,	7, 8, 14, 22, 23 skape	36	skape
25	skaap (ouer boere), skape (jong boere)	46	skaap, skape
32	skape	59,	68 skape
HX 12	skaap, skape	71	skape (by uitsondering: skaap)
23	skape	KU 21	skaap
40	skaap, skape	29,	35, 40, 50 skape
IP 3,	10 skaap	55	skaap
IR 38,	40 skaap	KV 26	skaap
IS 22,	30 skaap	52	skape
IT 13,	28 skaap	52	skape segsman: trop skaap
IU 8	skaap	58	skape
10	skape	LR 2	skape
19,	27, 29 skaap	7	skaap (dieper in die Caledonse distrik, oos van Grabouw, is die uitspraak algemeen skap)
IV 5,	skaap	8	skape
8,	19 skape, skaap	13,	18 skaap
21	skape	27	skape
22,	27, 32 skaap	LS 2	skape, skaap
IW 1	skape	15	skape
KP 1	skaap	19	skape, skaap, skap
KR 2,	6, 8, 23, 25, 26, 34, 36, 49, 63, 77, 83, 98 skaap	20,	29, 31 skape
KS 9	skaap	LT 4	skape
46,	54, 56 skape	LU 2	skape
57	skaap, skape		
58	skaap		




Driehoeksmeting, 1957.



- seemansknop
- ⊙ matroosknop
- ⊖ sailors knot
- ⊕ seilknop
- skuifknoop, skuifoog
- skuiwerknop
- G glyknop
- k knop
- Δ draadknop, draadtreklas
- ∇ trekknop
- || lasknopp
-) koppelknop
- † hegnopp
- ⊥ vastreknopp, toetrek-, vaste-, rygnopp
- ∩ vangknopp
- W wurgknopp
- H helknopp
- D oogknopp
- deurstekknopp
- stropsteek
- L lusknopp
- ∟ luslas
- ∟ lus
- ∟∟ lis(knopp)
- ∟ sweepknopp
- ∟ strykknopp
- ∟ strikknopp, strik
- boerknopp
- ◇ woerknopp
- ◇ hoerknopp
- ◇ hoëknopp
- [lissieknopp
- L lunsknopp
- X kruisknopp
- kringknopp
- ∩ slooppknopp
- ∩ platknopp
-) skipadknopp
- (skenkelknopp
- ∩ reefknopp, rifknopp
- ∩ kettingknopp
- V vislyknopp
- M masknopp, -slag, -werk, -werkstrik
- 8 agtknopp, nommeragtknopp
- S slagknopp
- § dubbelslagknopp
- ∩ knoppslag
- ∩ voorslagknopp
- ∩ agterslagknopp
- ∩ voortrekknopp
- ∩ noodhulpknopp
- ∩ meideknopp, oumeidknopp
- ∩ oumensknopp, oumasknopp

VRAAG 3(b) VRAELYS 6 (1960)


Ontwerp deur S.A. LOUW
Geteken deur HELGA McLAREN
1978



- VADOEK**
- † vadoek
 - † veedoe
 - † voedoe
 - S skottel(goed)vadoek
 - S skottel(goed)doek
 - ∞ afroogvadoek
 - ∞ afroëdoek, droogdoek, afrodoek, opdroogdoek
 - 8 opvrydoek
 - ⌣ pottevadoek
 - B bordedoek, bōredoek
 - K koppie(s)doek
 - G glaasdoek
 - k kombuisdoek
 - A afroëlap, drooglap
 - △ opwaslap, opvryflap, waslap
 - ▽ teegoedlap
 - △ skottelgoedlap
 - V vatlap
 - ∧ vadoeklap
 - ⊕ jammerlap
 - ⊗ trooster
 - I (kombuis)touel
 - vaatdoek, wasvaatdoek (GX 9)
 - vadoek, kombuisvadoek
 - varoek
 - ⊕ vatdoek, kombuisvatdoek (FX 9)
 - vaddoek
 - varroek
 - △ teegoedvadoek
 - △ teegoeddoek
 - ◇ teegedoek
 - ⊗ teedoek

VRAAG 4(a) VRAELYS 2 (1957)


Ontwerp deur S.A.LOUW
Geteken deur HELGA McLAREN
1978



- WASLAP
- waslap
 - † afveelap
 - ✱ smeerlap
 - ✚ jammerlappie
 - ⊕ gesiglap
 - vadoek
 - ⊖ wasvadoek, wasvatdoek
 - ⊕ gesigvadoek, gesigvatdoek
 - ⊖ voetwasvadoek
 - ⊕ (bad)(kamer)vadoek
 - ⊖ handevadoek
 - ⊕ wasdoek
 - ⊖ gesigdoekie
 - ⊕ touwel
 - ⊖ handdoek

VRAAG 4(b) VRAELYS 2 (1957)

Ontwerp deur S.A. LOUW
 Geteken deur HELGA McLAREN
 1978




IN PLAAS VAN

- △ (in) plek van
- (in) pleks van
- ⊖ pleks dat (lat)
- ⊙ pleks om
- (in) pleks
- ⊕ (in) plaas van
- ⊗ (in) pleks dat (lat)
- ⊘ (in) plaas
- ⊚ (in) plaas ples van
- ⊛ ples

VRAAG 15 VRAELYS 6 (1960)


Ontwerp deur S.A. LOUW
 Geteken deur HELGA McLAREN
 1978



- NUUT
- nuut
 - niet
 - ☆ niuut (FX 27)
 - † nu (GW 65) nuu (HU 32)
 - nuwend
 - nuuf
 - nief
 - ★ niuuf (GU 40)

VRAAG 13 VRAELYS 9 (1963)


Ontwerp deur S.A.LOUW
 Geteken deur HELGA McLAREN
 1978



OOK

- ok
- ⤴ oek
- ook


VRAAG 35 VRAELYS 1938
 Ontwerp deur S. A. LOUW
 Geteken deur HELGA McLAREN
 1978



ROOI PERDEBY

- perdeby
- o klein perdeby
- I vrugteperdeby
- L bantamperdeby
- S steekperdeby
- T bont perdeby/tjie
- V wespe
- noormannetjie
- rooibaadjie
- noep-noeptertjie
- boebies
- brandby
- vuurbrander
- wilde heuningby, perde-heuningby
- b by
- w waterby
- brommerby, bommelby, hommely
- houtby
- hondeby
- D duiwelby
- malby
- nonka(s)by
- minorkaby
- mokkaperdeby
- rooi(tjie)
- rooi perdeby
- bruin perdeby

VRAAG 3 (a) VRAELYS 12 (1966)
 Ontwerp deur S. A. LOUW
 Geteken deur HELGA McLAREN
 1978




DUIWELSNUIF

- * duiwelsnuif
- T duiwelstwak
- ⊠ duiwelspoer
- ↑ duiwelsand
- ∇ duiwelsgif
- △ duiweldrek
- ▽ duiwelsaas
- duiwelsbrood
- ◯ duiwelskos
- X duiwel-se-vingerhoed
- § bobbejaansnuif
- † jakkalsnuif
- + wolwensnuif, wolwegif
- ⊕ wolf-en-jakkals
- ⊖ slangsnuif
- ⊗ slangbol
- ⊘ slanggif
- H heksesnuif
- ☆ snuifdoos
- ★ poeierdoos
- S snuifbolle
- ⊂ stofbolle
- G gifbolle
- ⊔ paddastoel, meel-, brand-sampioen
- B blindepoer
- || blindblommetjie

- 8 haseboegoe
- b blinkings
- k konsa
- (negosie
- | tjobo
- || papie, snuifpapie
- ♠ oueltjie
- ⋈ ajoos, ajosie, anjosie
- △ oumeidsnuif
- ▽ meidepoer
- ◊ oumeidskos
- ⊕ kafferpoer

VRAAG 8(c) VRAELYS 14 (1968)
 Ontwerp deur S. A. LOUW
 Geteken deur HELGA McLAREN
 1978



DODDER


- ✠ monniksbaard
- † nooienshaar
- § warkruid, varkruid
- v verwurgbossie
- L (lusern)voëlent
- I parasiet
- S suierplant
- † perdeslaai
- △ tolle
- ▷ duiwelsnaald - en - garing
- ▷ duiwels(naai)gare
- ▷ naaigare
- ▷ duiwelstou(tjie)
- dodder, draiododder, luserndodder

VRAAG 10 VRAELYS 10 (1964)

Ontwerp deur S. A. LOUW

Geteken deur HELGA McLAREN

1978



(TROP) SKAPE

- skaap, skap
- skape

VRAAG 7 VRAELYS 13 (1967)
 Ontwerp deur S. A. LOUW
 Geteken deur HELGA McLAREN
 1978